

die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 384 • September 2025

Geloofsekerheid



Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Geloofsekerheid

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

Geloofsekerheid: Om die Beloftermaker te vertrou 1

AMPTELIK 3

ONTVANG DIE WOORD

Ds. Dewald Cronjé

Geloofsekerheid: Die anker van 'n betekenisvolle, roepingsbewuste lewe 4

HOOFARTIKEL

Ds. Attie Boshoff

Elke gelowige behoort en kan seker van hul geloof wees 6

ARTIKELS

Ds. Wickus Malan

Wie kan dan gered word? 8

Ds. Hendrik du Plessis

Sewe merktekens van 'n ware geloof 10

Ds. Riaan Pretorius

Werk julle eie heil uit 12

Ds. Johann Jacobs

En as ek twyfel? 14

Ds. Francois de Bruin

Die verskil tussen skyngelowiges, onvolwasse, ongehoorsame en onkundige gelowiges 16

Ds. Markus Mattheus

Saligmakende geloof lei tot werke van gehoorsaamheid 18

Hannes Noëth

Geloofsekerheid: Die hoop wat 'n volk laat herleef 20

AKTUEEL

Blokkiesraaisel 22

Gemeentenuus 23

Smeltoond: Geestelike geheueverlies binne agterblad

IN DIE SPORE VAN GISTER

Alana Bailey

Henry Olivier, die man wat miljoene mense se lewens help verbeter het 30

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Hannekie Verwoerd

Geloofsekerheid 31

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

Ons herdenk Nicéa 1700.

Tydens hierdie kervergadering is belangrike en koersveranderende besluite geneem.

VOORBLAD:

'n Uitbeelding van geloofsekerheid.

Kinders vertrou dat hul ouers hulle altyd sal vang, so vertrou ons ons hemelse Vader se belofte van redding in Christus.

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.

BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,
Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:


BusinessPrint

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt
Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgegee deur:


Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



Geloofsekerheid: Om die Beloftermaker te vertrou

Ds. Schalk Strauss

Op die voorblad is 'n prentjie waarmee ons almal baie bekend is – 'n kind wat deur haar pa gevang word. Die kind se genot is opvallend. Daar is nie vrees nie, want die kind vertrou haar pa volkome om haar te vang. Kinders wat op 'n muur staan of in 'n boom sit, spring ook maklik in hul pa se uitgestrekte arms as hy belowe: “Ek sal jou vang.” In 'n sin is dit 'n pragtige uitbeelding van geloofsekerheid, ons tema vir hierdie uitgawe.

Wanneer 'n kind moet besluit of hy in sy pa se arms gaan spring of om vreesloos deur hom in die lug opgegooi te word, is die vraag wat so 'n kind ten diepste vir homself moet beantwoord: Kan ek my pa vertrou om my te vang? Kan ek hom op sy woord neem? Hierdie einste vraag lê ook aan die wortel van geloofsekerheid: Kan ek die Beloftermaker vertrou?

Twyfel

Wanneer ons ons geloof in God ondersoek, twyfel ons dikwels omdat ons geneig is om na onself en ons eie vermoëns te kyk ten einde seker te wees. Dit lei tot vrae soos: Glo ek genoeg? Glo ek reg? As ek 'n kind van God is, waarom sukkel ek dan nog so baie met sonde? Ons maak dus ons geloofsekerheid afhanklik van die kwaliteit en selfs die kwantiteit van ons geloof. Ons wil graag beheer hê oor die kwessie van “sekerheid”, want ons is nie seker of die Beloftermaker op sy Woord geneem kan word nie.

Die Bybel getuig egter van die teendeel. Die uitsprake oor die betroubaarheid van God se Woord, is oorvloedig.

Uitsprake oor God se betroubaarheid

God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (Núm. 23:19).

Geen woord van al die goeie woorde wat die HERE met die huis van Israel gespreek het, het onvervuld gebly nie; alles het uitgekom (Jos. 21:45).

Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvoggig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur (Jes. 55:10-11).

Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid (Joh. 17:17).

Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word ... (1 Tim. 1:15).

Hierdie uitsprake bevestig die betroubaarheid van God se Woord. God doen egter meer as om net van ons te verwag om die uitsprake oor sy betroubaarheid op sigwaarde te aanvaar. Hy bevestig sy betroubaarheid met bewyse. Die verlossingsgeskiedenis lewer 'n dowerende getuigenis van sy trou.

Bewyse van God se betroubaarheid

Ons sou bladsye vol kon skryf oor voorbeelde wat God se betroubaarheid bevestig. Dink byvoorbeeld aan sy belofte aan Abraham dat Sara swanger sou word en 'n seun sou baar waaruit sy nageslag soos die sand van die see sou word (vgl. Gén. 18:10). Met die geboorte van Isak het hierdie belofte in

vervulling gegaan sodat ons in Génesis 21:1-2 lees: *En die HERE het Sara besoek soos Hy belooft het; en die HERE het aan Sara gedoen soos Hy gespreek het: Sara het bevrug geword en vir Abraham in sy ouderdom 'n seun gebaar op die bepaalde tyd wat God genoem het.*

Israel se verlossing uit Egiptiese slawerny, is nog 'n voorbeeld van God se trou. Hy het aan Abraham gesê dat sy nageslag vir 400 jaar lank vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie, en dat hulle daar diensbaar sal wees en verdruk sal word (vgl. Gén. 15:13). In dieselfde asem belooft Hy egter ook verlossing: *Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie julle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed* (Gén. 15:14). Exodus 12:40-41 herinner ons hoe hierdie belofte vervul is:

En die tyd wat die kinders van Israel in Egipte gewoon het, was vierhonderd-en-dertig jaar. En ná verloop van vierhonderd-en-dertig jaar, op daardie selfde dag, het al die leërske van die HERE uit Egipteland uitgetrek.

Deur hierdie dade het God sy karakter as 'n betroubare God

bevestig, sodat sy kinders rede kon hê om Hom ook oor die (menslik gesproke) ongelooflikste van sy beloftes op sy Woord te neem – die belofte van 'n Messías. Reeds in Génesis 3:15 belooft Hy Een uit die nageslag van die vrou wat die kop van die slang sal vermorsel. Op verskeie plekke word hierdie belofte herhaal en profeties in die vooruitsig gestel. Uiteindelik word Jesus Christus as die belofte Messías gebore en sing Sagaría: *Geloofd sy die Here, die God van Israel omdat Hy sy volk besoek het ... soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af ...* (Lk. 1:68-70). Paulus sluit hierby aan wanneer hy ons herinner: *Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom [Christus] is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons* (2 Kor. 1:20).

Ons het dus geen rede om hierdie God se Woord en sy beloftes in twyfel te trek nie. Die sekerheid van ons geloof rus nie in ons, ons vermoëns, gemoedstemminge, of pogings nie, maar in die troue Verbondsgod wie se trou van geslag tot geslag is (vgl. Ps. 119:90). Ons kan Hom op sy Woord neem.

Neem Hom op sy Woord

In Romeine 4:20-21 skryf Paulus die volgende oor Abraham se

geloof: *En hy het nie deur ongelooft aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy belooft het.* Geloofsekerheid is om oortuig te wees dat God die mag het om te doen wat Hy belooft het. Ons behoort dus nie ons sekerheid in onself te soek nie, maar in Hom wat mag het om vir ons te gee ver bo dit wat ons bid of dink. Die Skrif is duidelik, wie in Jesus Christus as sy Verlosser en Saligmaker glo, sal nie verlore gaan nie. Dit is 'n belofte wat God gee:

As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word ... (Rom. 10:9)

Selfs meer as 'n kindjie wat sy pa vertrou wanneer hy hom in die lug opgooi of wil hê dat hy moet spring met die belofte dat hy hom sal vang, behoort ons ook ons Beloftermaker op sy Woord te neem. Ons geloofsekerheid rus nie in ons vermoë om te glo nie, maar in God se vermoë om sy beloftes waar te maak. *Laat ons die belydenis van ons hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit belooft het, is getrou ...* (Hebr. 10:23). ☺



Lig in Duisternis
UITGEWERS

Een man en een vrouw

Die wêreld se siening van identiteit en seksualiteit verander daaglik, maar God se Woord bly dieselfde.

Een man en een vrou help jou verstaan wat die Bybel régtig sê.

Nou beskikbaar teen slegs R120

LERAARS

Beroep ontvang

- Ds. Lee Greyling (Jeffreysbaai) na Oudtshoorn/George.
- Prop. Nico Swart na Pretoria-Oos.

Beroep bedank

- Ds. Willem van Schalkwyk (Heilbron) na Pretoria-Oos.

Beroep aanvaar

- Ds. Lee Greyling (Jeffreysbaai) na Oudtshoorn/George.



LERAAR BEROEPBAAR

Prop. Nico Swart is op 1 Julie geëgteimeer en is tans beroepafwagend. Sy selfoonnommer is 071 425 5913.

BEDIENINGSOOREENKOMS BEÏNDIG

Namakwaland en Clanwilliam: 31 Desember 2024.
Fraserburg en Clanwilliam: 1 Augustus 2025.

CVO-SKOOLKWARTALE

Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

SKOOLKWARTALE

Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

DIE BOODSKAPPER

Bepaalde verskyningsdatums

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
Oktober 2024	15 Augustus	25 September
November 2024	18 September	27 Oktober
Des 2025/Jan 2026	15 Oktober	25 November

Gemeentenuus

Stuur asseblief u gemeentenuus in Microsoft Word-formaat (maks. 300 woorde, nie ower as ses maande nie). Stuur oorspronklike, hoëresolusiefoto's saam met die Word-dokument na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

Advertensietariewe

Grootte	mm (hoogte x breedte)	Prys
1/16 blad	40 x 90 mm	R230
1/8 blad	65 x 90 mm	R640
1/4 blad	124 x 90 mm	R1 350
1/2 blad	124 x 180 mm	R2 200
Vertikale strook	263 x 119 mm	R2 750
Volblad	263 x 180 mm	R3 650
BINNE-AGTERBLAD		
1/2 blad	148 x 200 mm	R4 880
Volblad	297 x 210 mm	R6 950
AGTERBLAD		
1/2 blad	148 x 200 mm	R4 900
Volblad	297 x 210 mm	R8 400
BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:		
Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media		
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005		
Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.		
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.		

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE*

1 Januarie	Nuwejaarsdag
21 Maart	Openbare vakansiedag
18 April	Goeie Vrydag
20 April	Paassondag
21 April	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April	Openbare vakansiedag
28 April	Openbare vakansiedag
1 Mei	Openbare vakansiedag
29 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
8 Junie	Pinksterfees
16 Junie	Konsentrasiekampdag
9 Augustus	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
26 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember	Geloftedag
25 Desember	Christusfees
26 Desember	Openbare vakansiedag

*Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.



Geloofsekerheid: Die anker van 'n betekenisvolle, roepingsbewuste lewe

Ds. Dewald Cronjé¹

Skriflesing: 2 Petrus 1:3-11

Is daar enige sekerheid dat ons uitverkies is? Roep die Here ons nie tevergeefs as sy kinders nie? Is ons belydenis in die wêreld in lyn met God se doel en voorneme met ons?

Daar is soveel onsekerhede in ons tyd. Baie mense bely God Drie-enig, maar is onseker of hulle werklik geroep is as sy kinders. Lê die probleem van onsekerheid by ons of by God? Die diepgaande en wesentlike verskil tussen God-gesentreerde en mensgesentreerde kennis van God is dit: Mens-gesentreerde kennis van God sê: Ek het my uitverkiesing aan my geloof te danke. Godgesentreerde kennis van God sê: Ek het my geloof aan my uitverkiesing te danke.

Vir die mensgesentreerde bied die kruisiging net die moontlikheid tot redding, maar sonder om dit vir enigeen te verseker. Of iemand uiteindelik gered gaan word, hang van mense se gewilligheid daartoe af. Logies impliseer dit dat die gebeure op Gólgota tevergeefs is, tensy die mens uit sy eie daarop reageer. Nee, 'n duisend maal, nee! Die kruis se reddende krag

hang nie ten diepste van mense se reaksie daarop af nie. Ja, hulle móét en sál glo en hulle bekeer. Dit is egter 'n uitvloeisel van God se reddende inisiatief, want God se genade is onweerstaanbaar.

Hierin lê die groot probleem met mensgesentreerdheid: Dit doen tragiese afbreuk aan die heerlijkheid en grootsheid en wonder van God se reddende liefdesgenade in Christus. Godgesentreerdheid wil sê wat die Skrif leer – niks meer nie, niks minder nie. Dit maak erns met die onontkombare Skrifuitsprake dat dit God is wat red; dat Hy diegene red wat Hy verkies het; dat Hy uit genade red, sonder enige menslike verdienste; dat Hy Christus as 'n volmaakte en allesomvattende plaasvervanger gegee het; dat alle verlossing vanuit die kruis vloei. Wanneer die mens dus wonder of hy werklik 'n kind van God is, lê die probleem nie by God nie, maar by die mens.

Onsekerheid steel vreugde – sekerheid gee vreugde
Geloofsonsekerheid word deur baie dinge veroorsaak:

- wanneer gelowiges streng, konfronterende en wettiese lewenswyses het wat uit balans is met genade en vergifnis;
- wanneer gelowiges dink hul sonde is te groot om vergewe te word;
- wanneer gelowiges meen dat nét die sonde wat hulle bely, vergewe word;
- wanneer gelowiges nie 'n spesifieke dag en datum vir bekering kan aandui nie;
- wanneer gelowiges voel asof die stryd tussen die vlees en die Gees tevergeefs is;
- wanneer gelowiges nie die hand van God in beproewings raaksien nie;
- waar gelowiges nie die Woord van God ken nie en bloot net in sonde volhard.

Om nie geloofsekerheid te hê nie, beteken 'n lewe van onsekerheid en angstigheid wat lynreg in stryd is met die vrede en blydskap wat die Here aan sy kinders beloof.

Daarenteen is geloofsekerheid 'n anker en die grootste seën in 'n kind van die Here se lewe! Wie oor hul geloof twyfel, sukkel

om die vreugde van alle ander seëninge in Christus in hul lewens te beleef. Verder dring geloofsekerheid ons om die eer van God te soek en sy doel na te streef. Geloofsekerheid versterk ons om die aanslae van die lewe te hanteer, dit gee 'n liefde vir gehoorsaamheid en bring kalmte in stormagtige tye.

Die Baptiste Geloofsbelydenis van 1689 stel geloofsekerheid soos volg:

“Hierdie sekerheid is nie 'n blote vermoedelike en waarskynlike oortuiging gegrond op 'n feilbare hoop nie, maar 'n onfeilbare versekering van geloof gegrond op die bloed en geregtigheid van Christus wat in die evangelie geopenbaar is; en ook op die innerlike bewys van daardie genadegawes van die Gees aan wie beloftes gemaak word, en op die getuienis van die Gees van aanneming, wat saam met ons gees getuig dat ons die kinders van God is; en as 'n vrug daarvan die hart beide nederig en heilig hou.”

Die vreugde van geloofsekerheid deur werke openbaar

Petrus wil dit aan sy lesers bekendmaak dat sondaars hulleself nie kan red nie. Verlossing is van die Here – volledig: *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid ...* (Rom. 11:36). Dit is 'n soewereine daad van God, uit genade en liefde, en Hy skenk dit aan wie Hy wil, sonder verdienste. Gelowiges ontvang die verlossing deur geloof in die voltooide werk van Jesus Christus en om geloofsekerheid by hulle vas te maak, noem Petrus sekere dinge vir die gelowige om te omhels (v. 5-8).

Die apostel spoor die gelowiges in Klein-Asië aan om hierdie daad in hul verlore lewens sigbaar te maak. Hierdie daad is uit God, want God vra dit wat Hy gegee het. Terwyl die verlore mens die leringe van die Skrif aangaande verlossing ten volle omhels, moet ons beseft dat ons verlossing goeie werke en heilige lewenswandel as vrug van ons verlossing vertoon. Ons word nie deur ons werke gered nie, maar ons word gered tot goeie werke. Reddende geloof in die Here Jesus Christus sal ons dring om vir Hom te arbeid terwyl ons in hierdie lewe is. Ons sekerheid oor ons verlossing is nie 'n lisensie om te sondig nie. Dit is ook nie 'n blanko tjek wat heeltemal los van Christelike verantwoordelikhede is nie. Ware verlossing sal nie luiheid of 'n begeerte voortbring om voortdurend in 'n sondige leefstyl betrokke te raak nie. Diegene wat met Christus wandel, sal gemotiveerd wees om op 'n manier te leef wat Hom behaag, en voortdurend daarna streef om te groei en volwasse te word in die geloof.

Die vrug van verlossing bring sekerheid

Petrus dring by sy lesers aan om hul roeping en verkiesing vas te maak. Dit is belangrik om daarop te wys dat roeping en verkiesing in dié konteks nie van mekaar geskei kan word nie. Hy gebruik die twee woorde om een saak tuis te bring, naamlik: Die deugde waarvan vers 5 tot 8 spreek, is 'n bewys van God se verkiesing, want dit impliseer die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees in die lewe van 'n gelowige. Die Here weet wie Hy uitverkies het en wil nie dat sy kinders oor hul verkiesing moet wonder nie. Wanneer ons let op

die vrug van die wedergeboorte, sal ons nooit struikel weens twyfel en wanhoop nie; sal ons nie onseker wees oor ons kindskap van die Here nie.

Petrus moedig ons aan om ons persoonlike sekerheid oor roeping en verlossing in ons eie lewe te soek. Dit is maklik om die deugde in die lewe van iemand anders te sien, maar ek kan niemand se verlossing bevestig behalwe my eie nie. Ons is verantwoordelik om ywerig die bevestiging van ons roeping en verlossing te soek.

Dit is belangrik om daarop te let dat die apostel se woorde nie 'n sondelose perfeksie impliseer nie. Ons struikel baie keer, maar as ons leef om die Here te eer, daarna streef om in ons geloof te groei en Hom te behaag, sal dit altyd ons begeerte wees om op te staan as ons val en vir die Here te leef. Daar sal 'n verterende, innerlike begeerte wees om oorwinnend vir Christus te leef, die sonde en versoeking in ons lewens te oorkom, terwyl ons aanhou om sy glorieryke beeld te vertoon.

Elkeen wat toegewyd sy lewe vir Christus leef, word die ewige lewe beloof. Die belofte word nie op 'n “miskien” of “hoop ek sal daar kom”, gebou nie, maar op 'n absolute sekerheid van God se roeping en verkiesing van sy kinders.

Ons word gemaan: Dit is so maklik om lui en laks in ons verhouding met die Here te wees. Ons is so geneig om te “rus” in God se genade. God het ons geroep om ywerig te werk in sy koninkryk, om vrug te dra en tot sy eer te leef. ☺

1. Leraar van die AP kerke Riversdal en Albertinia.



DS. ATTIE BOSHOFF

ELKE GELOWIGE BEHOORT EN KAN SEKER VAN HUL GELOOF WEES

Gaan jy hemel toe as jy sterf? Dit is 'n vraag wat baie mense beangs maak omdat hulle nie 'n antwoord daarop het nie. Party sê hulle hoop maar vir die beste, want hulle probeer darem baie hard. Hulle probeer so goed as moontlik leef, hulle dink hulle behoort darem hemel toe te gaan. Dit impliseer 'n werkgebaseerde sekerheid. Dan kan jy seker wees van een ding – dat jy nie hemel toe sal gaan nie. Jy kan nie op grond van jou lewe sekerheid van redding kry nie, net van jou verlorenheid.

Behoort 'n mens 'n antwoord op die vraag oor geloofsekerheid te hê? Ja! 'n Mens hoef nie met onsekerheid te antwoord op so 'n belangrike vraag nie. Die Heidelbergse Kategismus (So. 1 v/a 1) begin nie om te vra óf 'n mens in lewe of in sterwe getroos kan wees nie. Die Kategismus gaan van die standpunt uit dát daar troos is. En die troos is vas en seker en gewis – dit is die enigste troos in lewe en in sterwe: “Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe ... aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, toebehoort, wat ... vir al my sondes ten volle betaal, en my ... verlos het, en my so bewaar, ... dat alles vir my tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe ...”

Kan ek seker wees dat ek glo? Ná die dood van Lasarus, het ons Here Jesus 'n lang gesprek met Martha oor die ewige dinge. In die gesprek vra Hy haar prontuit of sy glo. Hy verwag 'n antwoord op die vraag. Dit is nie 'n vraag wat jou in onsekerheid laat nie. Die antwoord is óf “ja”, óf “nee”.

Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit? (Joh. 11:25-27).

Ná hierdie direkte vraag hoor ons haar oortuigde antwoord: ... Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom (Joh. 11:27). Daar

is geen sprake van onsekerheid oor jou verhouding met die Here as jy Hom waarlik ontmoet en met Hom gekommunikeer het nie!

Kom die antwoord en oortuiging uit jouself? Glad nie. By 'n ander geleentheid hoor ons die Here Jesus in gesprek met sy dissipels oor wie Hy is (vgl. Mt. 16:13-17). Eers is die vraag: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En dan kom die vraag direk: Maar julle, wie sê julle is Ek? As Petrus dan antwoord dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is, verduidelik ons Here Jesus waar daardie oortuiging en sekerheid vandaan kom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

In die gesprek van Christus met die Samaritaanse vrou by die put (vgl. Joh. 4), erken sy later dat Jesus 'n profeet is. Sy spreek die versugting uit dat die Messias sal kom en sekerheid gee. *Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Messias kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig* (v. 25). En dan breek die sekerheid helder deur as ons Here Jesus haar antwoord: *Dit is Ek wat met jou spreek!* (v. 26).

Geloofsekerheid is 'n gawe van God, gewerk in die harte van sy uitverkorenes. Hy gee vir ons die Woord sodat ons kan glo. Johannes 20:30-31 bevestig aan ons: *Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.* Die Here versterk gelowiges se geloof deur die Woord.

1 Johannes 5:12-13 leer:

Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.

Nie net word die Woord gegee sodat ons kan glo nie, maar die Woord word vir gelowiges gegee om die sekerheid in te skerp.


Die apostel Petrus skryf: *Daarom sal ek nie nalaat om julle altyd*

hieraan te herinner nie, alhoewel julle dit weet en vasstaan in die waarheid wat by julle is. En ek beskou dit as reg, so lank as ek in hierdie tentwoning is, om julle deur herinnering op te wek, omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning ophande is, soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het (2 Petr. 1:12-14). Hy skryf dat mense dit weet en alreeds vasstaan in hierdie waarheid, maar hy herinner hulle nog 'n keer. In Filippense 3:1 sê die apostel Paulus: *Verder, my broeders, verbly julle in die Here. Dit is vir my nie lastig om dieselfde dinge aan julle te skrywe nie, en dit gee julle sekerheid.*

Grond ons ons geloofsekerheid op iets wat ons doen, of liever op iets wat Christus vir ons gedoen het? Christus is die grond vir ons sekerheid. Hy het alles volbring wat vir ons redding gedoen moes word. In sy kommentaar op Galásiërs verduidelik Martin Luther dat wanneer hy na homself kyk, hy tot sy skok slegs sonde en oordeel sien, maar wanneer hy na Christus in hom kyk, vind hy dat hy volkome heilig is. In lyn met Luther kan ons sê: "Kyk ek na myself, weet ek nie hoe ek ooit gered kan word nie. Kyk ek na Christus, weet ek nie hoe ek ooit verlore kan gaan nie."

Gaan jy hemel toe as jy sterf? Ons Here Jesus gee die volgende versekering vir die geredde sondaar wat saam met Hom aan die kruis was: *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees* (Lk. 23:43). Dit is elke gelowige se enigste troos deur ons lewe en wanneer ons sterwe! ☺

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.



PRYS: R250



PRYS: R120



PRYS: R100



Wie kan dan gered word?

Ds. Wickus Malan¹

“Here! Here!” Só behoort die kreun van die gelowige uit die kuil op te klink. Só behoort die sangstem op te styg na die hemelsale. Só behoort God se krygers hul kordate krag voor die wêreld uit te kreet. Die musiek van die belydenis “Here” is hemels. Maar hierdie lied kan slegs in die hemel gekomponeer word.

Johannes 3:27: ... ’n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. Daarom sou ons by die begrafnis van hierdie belydende lidmaat wou sê: “Waarlik, hier lê ’n getuigende oortuigde; hy het bely! Sy belydenis was nie privaat en in die geheim nie. Hoe openlik en onbeskaamd was hy nie. Hy het met soveel vrymoedigheid geprofeteer, tekste aangehaal. Wat ’n Bybelkenner! Dit is nie al nie, weet u ooit van al die kragte wat deur dié geliefde gewerk het? Vir die duiwel het hy nooit een aks gestuit nie. Hy het hulle nogal in die Here se Naam uitgedryf. Wat ’n man! Wees salig geliefdes, hy was ’n belydende!”

En tog, ná die vrome oorkonde, ná sy getuienis, ná sy kragte, word hy deur die duiwels wat hy meen hy uitgedryf het, in die hel verwelkom. Hoe moet so ’n man uitroep: ... *Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?* (Mt. 7:22). Hoe kan hy wat die duiwels uitgedryf het, nou self uit die koninkryk van God gedryf word? Dit moet ’n fout wees! Hy was tog koning, priester en profeet

– hy het oor duiwels regeer en op staathoeke gebid. Was hy dan nie ’n gesalfde nie? O, die smart wat ’n masker kan verbloem! Hoe tragies om ’n slagoffer van jou eie skynheiligheid te word.

Hy sal wel sy belydenis daar voortsit. Filippense 2:9-11:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ’n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie ... en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is ...

Dié keer egter sal hy dit doen met ’n gebuigde knie. Dié keer sal sy tong bely dat Jesus Christus waarlik die Here is. Hy sal nie meer “Here” sê terwyl hy self op die troon sit nie.

Hierdie man sou seker ook vir Abraham vra om iemand uit die dode te stuur om sy broers dringend te waarsku, maar spesifiek sy broers in die kerk – sy broers wat die mense op die state leer; sy broers wat in die regte kringe eet en drink; sy broers wat Moses en die profete graag bestudeer. Wat sou hy

vir hulle sê? Hoe sou hy hulle waarsku? Dit is beter om te let op die waarskuwing van die Here Jesus self.

Matthéüs 7:21: Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Ons sou die man kon vra: Maar het jy nie dikwels wraak geneem nie? Het jy nie dikwels jou hart verhard en was jy nie vir mense sonder rede kwaad nie? Het jy nie met wellus ’n ander se vrou begeer nie? Was jou hart nie onrein toe jy dit alles gedoen het nie? Het jy nie hierdie dinge gedoen terwyl jy ’n trompet voor jou geblaas het nie? Was jy nie onbarmhartig toe die ellendiges na jou geroep het nie? Was jou woord nie dikwels ja, nee nie? Het jy nie soos die tollenaars net dié liefgehad wat jóú liefgehad het nie? Het jy nie vir jou net skatte op die aarde bymekaar gemaak nie? Was jy nie dikwels deur kommer en onrus verteer nie? Is dit nie so dat jy graag mense geoordeel het nie? Was jy nie maar altyd eiewillig terwyl

jy jouself met godsdienstigheid
toegeknop het nie?

**Matthéüs 5:20: Want Ek sê vir
julle dat, as julle geregtigheid
nie oorvloediger is as dié
van die skrifgeleerdes en
Fariseërs nie, julle nooit in die
koninkryk van die hemele sal
ingaan nie.**

Die koninkryk word gesluit vir
hulle wat “Here, Here” sê, terwyl
Jesus nie Heer(ser) oor hul
lewens is nie. Hulle is selektief
aan Hom “gehoorsaam”, solank
hulle daardeur bevoordeel
word. Hulle vra: “Wat werk vir
my?” in plaas van: “Wat wil die
Here hê moet ek doen?” Hulle

doen al hul werke om deur die
mense gesien te word en niks
vir die Here wie se Naam hulle
bely nie. Hulle dryf duiwels uit
terwyl hulle self duiwels is, vol
roof, onmatigheid, geveinsdheid,
jaloesie, haat en twis. Hulle leer
die mense terwyl hulle hulself nie
aan die wet steur nie. Hulle gee
tiendes en kruisement en anys
en koljander, en die swaarste van
die wet laat hulle ná: die reg en
die barmhartigheid en die trou
(vgl. Mt. 7:23).

Wie sal dan die koninkryk van
die hemele ingaan? Hy wat
die wil van die Vader doen ter
wille van die Naam van God;
hy wat gehoorsaamheid aan al

die gebooie, en nie net sommige
nie, najaag. Hy wat die wil van
Jesus se Vader doen, gaan die
hemel in. Die verlose ken dus
die Vader. God het sy Vader deur
Jesus Christus geword. Hy is deur
Christus met die Vader versoen.
Maar hy is nie nou passief nie.
Wie God Vader noem, doen ook
die wil van die Vader. Wie Jesus
Here noem, doen die wil van
die Vader.

Ons doen dan die wil van die
Vader, nie sodat Hy ons Vader kan
word nie, maar omdat Hy reeds
deur die geloof in Christus ons
Vader geword het. Hulle gaan die
hemele in. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Pietersburg.



HOEKOM STEEDS LEES OOR DIE PURITEINE?

Omdat hul insig in geloof en 'n lewe
gewy aan God Drie-enig, vandag
nog lewens verander.

Lees *Volg God voluit* en ontdek
hoe die Puriteine se toewyding jou geloofsewe
onmeetbaar kan verryk.

Nou
besikbaar
teen slegs
R250

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Leer die periodieke tabel speel-speel ken

Elke flitskaartpak bevat:

- ♦ **118 elementkaarte** met die simbool, naam en atoomgetal
- ♦ **toepassings** en gebruike van elke element
- ♦ **interessante feite** oor elke element se oorsprong
- ♦ **kleurkode** vir maklike klassifikasie

**Bemeester
WETENSKAP** teen slegs **R200.00**

**IN MY
ELEMENT!**
Die eerste 118 elemente ...
FLITSKAARTPAK
KADJ help
Besit vir alle tye!

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Sewe merktekens van 'n ware geloof

Ds. Hendrik du Plessis¹

Die vraag na geloofsekerheid is seker een van die mees persoonlike en pastorale vrae: “Hoe weet ek dat ek werklik gered is?” In 'n wêreld waar geloof maklik verwoord word, maar nie altyd uitgeleef word nie, moedig 2 Korintheërs 13:5a ons aan:

Onderzoek juiself of julle in die geloof is; stel juiself op die proef.

Die Westminster Geloofsbelydenis leer in hoofstuk 18 dat gelowiges met sekerheid kan weet dat hulle werklik aan God behoort. Met ander woorde, 'n Christen hoef nie in onsekerheid of vrees oor sy of haar saligheid te leef nie. Jy kán weet dat jy gered is, jy kán met vrede en vertroue leef dat jy in 'n verhouding met God staan.

Hierdie sekerheid is geanker op drie vaste gronde wat God self aan ons gee:

1. Die waarheid van God se beloftes

God beloof dat elkeen wat in Jesus Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (vgl. Joh. 3:16). Sy Woord is betroubaar.

2. Die werk van die Heilige Gees

Die Heilige Gees werk in die harte van gelowiges. Hy skenk

geloof, Hy leer ons die waarheid, en Hy getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (vgl. Rom. 8:16).

3. Die vrugte van genade in jou lewe

'n Boom word aan sy vrugte geken. Net so wys 'n gelowige se lewe dat daar ware geloof is: 'n hartsverandering, 'n liefde vir God, 'n begeerte om reg te leef, 'n haat vir sonde. Hierdie dinge is die bewyse dat Hy in ons werk.

Die Bybel en die gereformeerde belydenis beskryf duidelike tekens wat wys wanneer iemand 'n ware Christen is.

1 **Rus in Christus alleen**
Ware geloof beteken dat jy jou volle vertroue slegs op Jesus Christus plaas. Jy glo dat Hy alleen jou kan red, omdat Hy aan die kruis vir jou sonde gesterf en uit die dood opgestaan het. Baie mense probeer nog op ander dinge staatmaak: hul goeie werke, die feit dat hulle gedoop is, dat hulle kerk toe gaan, of selfs dat hulle 'n sterk geloofsgevoel ervaar. Niks hiervan kan jou red nie. Dit is soos om op dryfsand te staan. Die Bybel sê dat Christus die rots is waarop ons moet bou.

Paulus skryf in Galásiërs 2:20: *Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in*

my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Wanneer jy dus vra: “Hoekom sal God my aanvaar?” dan is jou antwoord: “Omdat Christus vir my gesterf het – ek rus in Hom.”

2 Ware berou oor sonde

As jy werklik in Jesus Christus glo, dan het jy opregte berou oor jou sonde. Jy voel nie net sleg oor die gevolge daarvan nie, maar jy is hartseer omdat jy weet dit bedroef God. Jy haat dit en wil nie meer so wees nie (vgl. HK So. 33 v/a 89). Dít is Godgesentreerde berou. Psalm 51:6 sê:

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë ...

Ware geloof en berou is soos twee kante van dieselfde muntstuk. Jy kan nie werklik in Christus glo en aan jou ou sondige lewe bly vashou nie. Bkering beteken jy draai weg van jou sonde en na God toe (vgl. HK So. 33 v/a 89). Dit beteken nie jy sondig nooit weer nie, maar jy wil nie meer in sonde bly nie. Jy wil elke dag bely, omdraai en nuut begin. Ware berou is dus 'n teken dat jou geloof eg is en dat die Gees van God in jou werk.

3 **Gehoorsaamheid aan God se geboorte**

As jy werklik glo, sal jy ook aan God gehoorsaam wil wees. Jakobus sê dit reguit: ... *so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood* (Jak. 2:17).

Met ander woorde, as iemand sê hy glo in God, maar hy doen net wat hy wil en gee nie om wat God sê nie, dan is dit nie ware geloof nie. Jou daad wys of jou woorde waar is. 1 Johannes 2:3-4 sê:

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy geboorte bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy geboorte nie bewaar nie, is ’n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

Dit beteken nie dat ’n Christen altyd alles reg doen nie. Ons almal struikel. Maar dit beteken dat ons ernstig oor gehoorsaamheid is. Ons wil God se wil leer ken en dit uitleef. Gehoorsaamheid is ’n vrug van die geloof. Dit groei soos ’n plant wat water kry. As geloof in jou hart geplant is, sal gehoorsaamheid begin opkom – stadig, maar seker.

4 **’n Lewe wat wys jy wil reg leef**

As jy in Jesus Christus glo, dan sal dit in jou lewenswyse

sigbaar word. Ware geloof laat jou nie net reg dink oor God nie, dit verander jou keuses, daad en gesindheid. 1 Johannes 2:29 sê ... *dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is*. Dit beteken: As jy reg leef en doen wat reg is in God se oë, dan wys dit dat jy uit God gebore is. Dit gaan nie oor ’n perfekte lewe nie, maar oor ’n koersaanpassing in jou lewe. Jou ou lewe het dalk oor die eie ek en sonde gegaan, maar nou is daar ’n nuwe hart in jou wat sê: “Ek wil God behaag.”

5 **’n Breek met jou ou sondige lewe**

As jy werklik uit God gebore is, kan jy nie aanhou om soos voorheen te leef nie. 1 Johannes 3:9 sê: *Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie*. Dit beteken nie jy maak nooit meer foute nie, maar jy wil nie meer aanhou sondig nie. Jy voel ongemaklik oor sonde en jy wil daarvan wegdraai. Daar is ’n duidelike breuk met jou ou manier van leef.

6 **Liefde vir medelowiges**

As jy werklik in Christus glo, dan sal jy ’n liefde vir ander kinders van God hê. 1 Johannes 3:14 sê:

Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet.

Wanneer God jou hart verander, dan gee Hy vir jou ’n nuwe liefde vir sy mense. Jy begin mense in die kerk anders sien. Jy bid vir hulle, jy wil hulle help, en jy wil vrede hê. Jy dra ander se laste en vergewe soos Christus jou vergewe het.

7 **Volharding in die geloof**

Ware geloof gee nie sommer op nie. ’n Gelowige struikel soms, maar hy bly nie lê nie. Hy staan weer op, bely sy sonde, en hou aan om saam met Christus te wandel. Hebreërs 3:14 sê iemand wat werklik glo, sal aanhou glo. Hy sal nie wegdraai nie. Hy hou vas aan Christus, al is die pad soms moeilik. Ware geloof is soos ’n boom met diep wortels – storms mag hom skud, maar hy bly staan. Volharding is nie perfeksie nie. Volharding is om aan te hou, omdat Christus met my aanhou.

Slotgedagte: Bly in Christus

Die Here Jesus se woorde in Johannes 15 is duidelik: *Bly in My ... want sonder My kan julle niks doen nie*. Wanneer ons naby Hom leef, groei die vrugte van geloof natuurlik. Die geheim van ’n vaste geloof is nie inspanning sonder Christus nie, maar om in Christus te bly (vgl. Ps. 1). Dit is daar waar ons die vrugte sien en die sekerheid vind. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Groblersdal.

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart trui @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasie ook beskikbaar op navraag

Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709
E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoning met eg Suid-Afrikaanse
gasvryheid • Veilige parkeerplek • Skoon, netjies
• Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959



Werk julle eie heil uit

Ds. Riaan Pretorius¹

... werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (Filip. 2:12-13).

Paulus se woorde aan die gemeente van Filippi kan 'n gelowige nogal pootjie as jy dit verkeerd verstaan. Dit bring 'n klompie vrae na vore waarby ons in hierdie artikel gaan stilstaan.

Is ek vir my redding verantwoordelik?

Deur die eeue het baie dit presies so verstaan en geredeneer dat dit beslis moontlik moet wees om jou eie redding te bewerk – dit staan tog helder en duidelik. Daar kan seker baie redes wees waarom mense dit graag glo. Dit kan wees dat die ingewortelde eie ek gestreel word met die gedagte dat ek darem ook iets vir my redding kan doen. Die aanhangers van die leer van die vrye wil gebruik graag vers 12 om hul argument te steun.

As ek egter vir my eie redding verantwoordelik was, sou dit my in 'n reusepenarie laat beland. Geen hoeveelheid vrees en bewing sou genoeg wees om die redding moontlik te maak nie. My goeie werke sou volmaak moes wees en ek moet erken dat dit nie die geval is nie. Daarom haal Paulus in Romeine 3 die Ou Testament aan om te onderstreep dat niemand regverdig is nie, selfs nie eers een nie. Ons kan nie

van God verwag om tevrede te wees met ons swak pogings nie. Niemand sal tog opgewonde wees oor sy nuwe voertuig as die verf afdop, daar roes aan is en die ding rammel nie. Jy gaan waarskynlik nie eers daarmee tevrede wees as die handelaar aanbied om dit te herstel nie. Jy gaan eis dat dit met 'n splinternuwe een vervang word.

Net so kan ons nie met goeie werke wat met sonde beplek is, ons redding bewerk nie!

Ons moet Skrif met Skrif vergelyk om te verstaan. In Efésiërs 2:5, 8 vertel Paulus dat ons redding uit genade is. Genade is iets wat jy ontvang sonder dat jy dit verdien het. Paulus sou tog nie vir die Efésiërs skryf dat hulle moes weet dat hulle net uit genade gered word, maar vir die Filippense dat hulle hul redding self moet bewerk nie. Daarom moet ons tot die gevolgtrekking kom dat hy nie in Filippense bedoel dat jy jouself moet red nie.

Die woord “werk” beteken hier nie “bewerk” nie, maar eerder dat ons veronderstel is om te leef (te werk)

soos iemand wat uit genade gered is. God het reeds deur die Here Jesus vir ons betaal en daarom behoort sy redding sigbaar te word in ons lewens deur 'n optrede wat daarby pas. Ons word opgeroep om nie 'n traak-my-nie-agtige lewe te lei nadat ons deur God gered word nie. Filippense 1:12 sluit dus aan by Filippense 1:27 wat sê dat die gelowiges hulle waardig die evangelie van Christus moet gedra. Al was Paulus nie by die gemeente nie, moes hulle nie agter sy rug gemaklik met sonde raak nie, maar juis opgeskerp bly om as dankbare gelowiges te leef.

Is ek vir my sekerheid verantwoordelik?

'n Mens is geneig om niemand behalwe jouself te vertrou nie, veral nie wanneer jou toekoms op die spel is nie. Dit is dalk nog 'n rede waarom ons self ons redding wil bewerk, sodat ons seker kan wees dat dit reg gedoen is. Die probleem is weereens dat ons dit nie kan bewerk nie. As ek myself wil vertrou om my redding te bewerk, sal ek altyd onseker wees of ek genoeg gedoen het om dit te bereik. Daarom kan ek vir my eie onsekerheid verantwoordelik wees, maar nie vir my sekerheid nie. Selfs al probeer ek my gewete ter

wille van sekerheid onderdruk, sal daar altyd 'n stemmetjie wees wat my daarop wys dat ek nie seker kan wees van my redding nie.

Gelukkig vertel Paulus in vers 13 hoe dit werk: God werk in my. Hy verander my sodat ek nie net die begeerte kry om Hom te wil dien nie, maar ook die vermoë het om, hoe langer hoe meer, te leef soos iemand wat gered is. Ek kan nie my redding bewerk nie. Uit myself wil ek nie eers vir God werk nie, maar Hý doen dit in sy genade in my en daarom wil ek vir Hom leef. Hy wys my op wat Hy deur sy Seun vir my gedoen het. Hy maak my dankbaar daarvoor en dan wil ek dankbaar leef.

Hoewel dit dalk vir sommige mense nie goed klink om niks tot ons redding te kan bydra nie, is dit juis waar ons sekerheid lê. As ek dit self moes doen, was daar geen kans op sukses nie. Omdat God Drie-enig dit namens my doen, is ek gered en kan ek sekerheid daaroor hê. Hy is immers spesialis op sy terrein wat klaar die oorwinning oor Satan behaal het en daarom is daar vir my geen rede tot onsekerheid wanneer Hy beheer neem nie. Die God wat sorg dat ek kos op my tafel het, die God wat eiehandig gesorg het dat ek in die moederskoot gevorm is, Hy is betroubaar om my redding te bewerk.

Wat staan my dan te doen?

Vir ingeval die feit dat God ons redding bewerk en ons seker daarvan kan wees, 'n mens laat dink dat dit ons rede gee om die saak met sonde te vier, sê Paulus dat ons redding, in dankbaarheid, sigbaar geleef moet word. God red ons nie sodat ons

in ondankbaarheid die duiwel aanhou dien nie.

**Hy het ons nie
vrygekoop sodat ons
maar net weer slawe van
die sonde kan wees nie.
Ons is vrygekoop om vir
sy koninkryk te leef.**

Soos iemand wie se kanker in remissie is nie sommer 'n opvolgondersoek misloop nie en alles moontlik doen om gesond te leef, so kan die gelowige ook eintlik nie anders as om so te leef dat daar nie maklik teruggeval word nie. Daarom behoort ons ook ons lewens met valkoë dop te hou en dit te toets aan die Woord van God om enige verwronge, onwelkome sondevergroeiing nie net so spoedig moontlik te identifiseer nie, maar dit ook aan te spreek deur dit te bely en vergifnis daarvoor te vra. Daarna behoort ons te vra dat God die krag en die genade sal gee om dit te bestry.

“Vrees en bewing” beteken nie dat ons geen sekerheid het nie, maar wel dat ons beslis nie weer wil wees wat ons was nie. Ons behoort te werk asof ons onself kon red, maar te onthou dat God alles gee wat Hy vra en dan eis wat Hy wil.

As vry mense behoort ons baie ywerig te werk om nie terug te val in die toestand waarin ons was nie. As vry mense behoort ons die koninkryk van vryheid verder te proklameer deur ander mense saam met ons te laat emigreer na God se koninkryk, waar niemand 'n slaaf van sonde is nie. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Nylstroom.



PRYS: R250



PRYS: R260



PRYS: R240

www.ligindusternis.co.za



En as ek twyfel?

Ds. Johann Jacobs¹

Ons kan so maklik in vertwyfeling val: Is die Bybel waar? Kan ek glo wat daarin opgeteken is? Sal God my antwoord en vir my gee wat ek vra? Vergewe God werklik my sonde? Is ek gered?

Ook in die Bybel vind ons dat gelowiges getwyfel het.

In Génesis 3:1 twyfel Eva toe sy deur die slang, die duiwel, versoek word met die woorde: *Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?* Ook toe Moses die berg Sinai bestyg het om die kliptafels met die wet van God daarop in ontvangs te neem, het die volk in twyfel verval. Gaan Moses na hulle toe terugkeer? Hulle twyfel lei tot afvalligheid en die aanbidding van die goue kalf (vgl. Ex. 32:8). Noag, Abraham en koning Dawid het tye van onsekerheid beleef. Sagaría, die pa van Johannes die Doper, het getwyfel. Iemand wie se twyfel uitstaan in die Nuwe Testament, is Thomas, een van die Here se dissipels. Hy kon nie glo dat Jesus Christus uit die dood opgestaan en aan die dissipels verskyn het nie.

Twyfel beteken om oor iets onseker te wees en sodoende dan nie ten volle oortuig te wees nie. Om te twyfel, is egter nie sonde nie. Iemand wat twyfel, is nog nie ten volle oortuig nie, maar kan nog met die genade en hulp van die Heilige Gees oortuig word. So iemand kan onseker wees, maar

is nie noodwendig 'n ongelowige nie. Die teoloog en skrywer, dr. IL de Villiers, het gesê: “Mense wat bewyse vra, kry gewoonlik nooit genoeg bewyse nie. God weet dit. Daarom vra Hy vir ons om in die geloof te wandel. God se liefde kan nie bewys word nie. Dit is 'n kwessie van onwrikbare geloof dat Hy ons liefhet.”

Die vraag ontstaan dan of twyfel of geloof die beste is. Slegs mense wat weet wat hulle wil hê en daarin glo, kan iets groots tot stand bring. Hierdie persone is nie langelê deur twyfel aan hul eie vermoëns nie. Op feitlik elke terrein van die lewe is hierdie waarheid al bevestig. Nie deur twyfel nie, maar deur geloof is hierdie persone op vele terreine geïnspireer. Nie deur twyfel nie, maar deur geloof het ontdekkers in die vorige eeu die spot van mense en ook ruwe storms op see getrotseer om nuwe wêrelddele te ontdek. Nie deur twyfel nie, maar deur geloof is die evangelie na die uithoeke van die aarde geneem. Geloof het die wêreld oorwin. Twyfel oorwin nie die swakheid en dwaasheid van die menslike lewe, sy liefdeloosheid, geestelike armoede, sonde en uiteindelik die dood nie.

In Matthéüs 17:20 lees ons van die mosterdsaad wanneer die Here Jesus antwoord op die dissipels se vraag waarom hulle nie die duiwel kon uitdryf nie:

En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongelooft; want, voorwaar ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal gaan en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.

Geloof soos 'n mosterdsaad hef 'n berg op en werp dit in die see, maar twyfel soos 'n berg kan selfs nie 'n mosterdsaadjie van sy plek versit nie. Twyfel is onvrugbaar en werk verlamrend in op jou gemoed. Dit kan angs veroorsaak omdat jy onseker oor jou saligheid is. Wanneer die gemoed met twyfel gevoed word, baar dit onrus, onsekerheid, mismoedigheid en wanhoop en daardeur word geen goeie saak gedien nie.

Hoe word ek van twyfel genees? Die Here sê in Jakobus 1:6 die

volgende oor twyfel: *Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.* Die Here sê baie duidelik hier en in die vorige vers dat geloof die sleutel is om twyfel te oorkom en dat geloof ons weer op vaste grond sal sit. Saam met geloof kom kennis van God deur kennis van die Bybel. Hoséa 4:6 sê die volgende: *My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis.*

As die twyfelaar maar kan wegdoen met daardie deel van die twyfel wat voortgespruit het uit verwronge sedelike opvattinge of praktyke; as hy kan wegdoen daarmee om sy rede bo sy gewete te stel; as hy kan wegdoen met daardie deel van die twyfel wat ontstaan het omdat hy versuim het om die Bybel te ondersoek en daaruit die groot lewenswaarhede en sekerheid te leer. Dit is almal oorsake van twyfel by die mens. Laat hom dan met sy twyfel gaan staan voor die kruis van Christus. Dan vrees ons vir geen oomblik nie en daar sal geloof en sekerheid gebore word.

Die vrou wat aan bloedvloeiing gelei het, het geweet dat as sy net aan Jesus se kleed kon raak, sy genees sal wees. Ons moet hierdie onwrikbare geloof hê in al die beloftes wat vir ons in die Bybel opgeteken is. Ons moet weer ons Bybels lees en bestudeer om hierdie beloftes ons eie te maak, sodat ons twyfel die wyk kan neem.

As jy die Here as jou Saligmaker en Verlosser aangeneem het, hoef jy nooit te twyfel aan wat God vir jou wil hê nie. Sy beloftes is waar

en seker. Dit is ons eie onkunde en ongeloof wat ons in vertwyfeling laat val.

Die duiwel wil ons in God laat twyfel. 1 Petrus 5:8 sê:

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

As jy nie sterk staan in jou kennis van God en sy Woord nie, is jy 'n maklike prooi vir die duiwel. Kom ons wend 'n daadwerklike poging aan om God op sy beloftes te neem en ons geloof onwrikbaar in Hom te stel. Dit is die enigste manier om jou twyfel te oorkom.

Alles is moontlik vir dié wat glo. Dit hoef nie 'n volmaakte geloof te wees nie. In Markus 9:23 vra die Here Jesus die pa van die maansieke kind of hy glo dat Hy hom kan genees. Hierop antwoord hy: *Ek glo, Here, en in dieselfde asem, kom my ongeloof te hulp* (Mk. 9:24). Ten spyte van sy onsekerheid, het Christus steeds sy seun genees.

Jy mag met jou ongeloof en twyfel na Jesus Christus toe kom. Hy is magtiger as die twyfel. Hy doen wat Hy belooft ten spyte van ons twyfel. Geloof beteken om jouself met al jou twyfel aan die Here Jesus oor te gee. Jy hoef nie self eers jou twyfel te oorwin voordat jy na hom toe gaan nie. Geloof beteken nie om op jouself te vertrou nie, maar om op Christus te vertrou en van Hom alles te verwag. Hy is sterker as ons twyfel – 'n definitiewe wete. ☺

1. Emeritusleraar.

Leesgenot vir die jongspan!



PRYS: R65



PRYS: R150



PRYS: R75

www.ligindustrialnis.co.za



Die verskil tussen skyngelowiges, onvolwasse, ongehoorsame en onkundige gelowiges

Ds. Francois de Bruin¹

Iemand wat deel van die kerk van Jesus Christus is, word as 'n gelowige beskou. Hoe mense egter die gesag van die Skrif en die inhoud daarvan beskou, raak die beeld van die gelowige in die moderne tye. Binne die groot raamwerk van die sigbare kerk kan daar onderskeid getref word tussen skyngelowiges, onvolwasse gelowiges, ongehoorsame gelowiges en onkundige gelowiges.

Die betekenis van die woord “gelowige”

Woorde en dade dien as waarneembare bewyse van geloof in iemand se lewe. Wanneer daar gevolglik na iemand verwys word as 'n “gelowige”, behoort daar 'n aanduiding daarvan in so iemand se woorde (belydenis) en dade te wees.

Jakobus stel die gedrag as daders van die woord (Jak. 1:22) waarin jy die uitlewing van geloof sal raaksien. Die Christen word dus die sigbare voorbeeld van geloof en staan bekend as gelowiges in Christus Jesus.

Afwyking van die ware voorbeeld word egter merkbaar in elke geloofsgemeenskap regoor die wêreld.

Skyngelowiges

Skyngelowiges is hulle wat bloot in vorm deel van die gemeenskap van die gelowiges is, maar nie in inhoud nie. Hulle is lidmate van

gemeentes, maar vorm in leer en lewe nie werklik deel van die belydenis dat Christus alleen hul God en Here is nie.

Dit is 'n meer algemene verskynsel in gemeenskappe waar die meeste mense tot 'n bepaalde kerk behoort en nie uitgesluit wil voel nie. Hulle word dan deel, maar halfhartig en sonder oorgawe. Hulle verdra die stelsel ter wille van vriende, kultuur, gemeenskapsdruk of ander sake wat die eenheid in die gemeenskap bepaal.

Kleiner gemeenskappe, soos plattelandse dorpe, sal hierdie verskynsel in 'n groter mate beleef. Indien die gemeenskap wegbeweeg van die Christelike geloof, sal ander faktore die eenheid van die gemeenskap bepaal. So sien ons dit ook in dorpe wat vandag as kunstenaarsgemeenskappe bekendstaan. Die kerk is dalk nog daar, maar moet akkommoderend teenoor die verskillende standpunte optree. Die kerk se stem is in so 'n gemeenskap sterk onder druk en geloof wat suiwer Bybels is, is nie baie gewild nie.

Die rol wat skynheiliges in die kerk speel, is vandag 'n groot bedreiging, aangesien hulle reeds deel is van die gemeenskap en soos wrede wolwe die kudde met valse leer en ongelowige gedrag skade kan berokken (vgl. Hand. 20:29).



Onvolwasse gelowiges

Geloof is 'n gawe van God (vgl. Efés. 2:8) en sodra dit ontvang is, word die lewe van die persoon verander. Hierdie verandering staan bekend as heiligmaking, waar die Heilige Gees elke dag die nuwe gelowige se lewe vernuwe. Omdat geloofsgroei 'n proses is wat tyd in beslag neem, is daar altyd gelowiges wat verskil in die mate van geloofsvolwassenheid.

Dit is waarom die apostel Paulus in Efésiërs 4:11-13 skryf. Die kerk van Christus het leermeesters ontvang om deur die eeue mense in die Woord van Christus te onderrig sodat elkeen opgelei kan word vir hul dienswerk in die koninkryk van God. Elkeen se groei word juis gemeet in volwassenheid na die beeld van Christus. Dit is maklik om kinders van volwassenes te onderskei as dit kom by algemene gedrag. Kinders tree gepas op vir hul ouderdom en volwassenes word maklik as onvolwasse beskryf as hulle dinge doen wat kinders eerder sou doen. Wanneer dit egter kom by geloof, wil mense nie maklik aanvaar dat geloofsgroei tyd neem en onvolwasse gedrag maklik is nie. Ons verdra maklik kinders wat sukkel met nuwe gedragspatrone, maar nuwe gelowiges moet tog ook hul ou lewenswandel afleer en 'n nuwe lewe in Christus begin lei. Elke dag is stryd en sommige dae is moeiliker as ander. Die gevolg van volharding in Christus, is die groei wat Hy deur die werking van sy Gees verseker.

Ongehoorsame gelowiges

Dawid, die belangrike koning van Israel, het in 'n intieme verhouding met God geleef. Sy lewe en koningskap het duidelik getoon dat hy aan God behoort en Hom waarlik liefhet. Daar was egter gebeurtenisse in Dawid se lewe wat op ongehoorsaamheid dui. Sy begeerte om Bátseba as vrou te verkry en die doelbewuste moord op Uría, haar man, kan beskryf word as erg ongehoorsam. Later in sy koningskap gaan hy voort om die volk te tel ná waarskuwings om dit nie te doen nie. Die

straf van God wat daarop volg, toon aan dat Dawid werklik 'n gelowige is aangesien sy reaksie van bekering ingrypend is. Daar was geen gelowige wat die pad enduit kon loop sonder om in ongehoorsaamheid te struikel nie. Dit is 'n duidelike herinnering dat ons 'n gevalle toestand het en nie nou al volmaak kan wees nie. Ons gebrokenheid skep 'n begeerte om meer heel te wees, maar ons besef gou ons onvermoë om nie te kan doen wat ons regtig wil nie (vgl. Rom. 7:19). Elke mens leef, soos die gelowiges in die tyd van die Bybel, steeds in 'n stryd teen vleeslike begeertes. Dit is egter slegs moontlik om in gehoorsaamheid te volhard deur sy Gees wat ons lei. Die waarskuwing van die Skrif is duidelik:

... wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie (1 Kor. 10:12).

Onkundige gelowiges

Ware geloof is volgens die Heidelbergse Kategismus (So. 7 v/a 21) "... 'n gewisse kennis ... maar ook 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk ..." Geloof sonder kennis kan tog nie en dit is die rede waarom dit tot probleme lei. Kennis bring sekerheid en Israel is die volk aan wie God die kennis gebring het. Hy het sy wet aan hulle geopenbaar as die wyse hoe hulle Hom moes liefhê en hoe hulle in liefde tot mekaar moes leef. Geloof was die beginpunt van hul leefstyl en kultuur en gebrek aan kennis en 'n onwilligheid om na God te luister,

het tot afvalligheid gelei. Daarom klink die woorde van die profeet Hoséa in 'n donker tyd in Israel se geskiedenis:

My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp ... (Hos. 4:6).

Dit is woorde van bestraffing vir die kinders van God. Die kerk leef egter vandag in die tyd van inligting en boeke. Bronne is onbeperk en tog sê lidmate: "Jammer, dominee, ons is eintlik leke as dit kom by die inhoud van die Bybel." Is dit nie juis wat die Reformasie teenoor die Roomse Kerk wou herstel nie? Ongelukkig is onkundige gelowiges in al die kerke aanwesig en wil nie leer nie. Sulke mense bly preek vir preek "aan die lewe", maar sal nie kan groei nie, behalwe as die Gees van God die hart weer honger maak vir die brood van die ewige lewe.

Die woord "gelowige" behoort egter nie negatief gebruik te word nie, aangesien geloof ons aan Christus verbind het. Die teenwoordigheid van sonde veroorsaak ongelukkig skynheiligheid. Mense sal altyd voorgee om iets te wees wat hulle nie is nie. Dit noodsaak die kerk om vas te hou aan die Woord van God alleen en nie haar beeld op grond van mense se erkenning te bou nie. Dra die vrug wat by die bekering pas en wandel soos *kinders van God te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld* (Filip. 2:15). ☺

1. Leraar van die AP Kerk Betlehem.



Saligmakende geloof lei tot werke van gehoorsaamheid

Ds. Markus Mattheus¹

As daar een kwessie is waarom Christene al eeue lank redeneer, is dit die vraag: Word 'n mens gered op grond van jou werke, of deur die geloof in Jesus Christus? Wanneer hierdie vraag in gesprekke opduik, swaai die pendulum tussen twee uiterstes. Die een groep wil soms die noodsaaklikheid van die wet heeltemal verwerp, terwyl die ander groep die wet só wil beklemtoon dat Jesus Christus se soenverdienste byna oorbodig klink.

Hierdie oënskynlike spanning spruit voort uit die Skrif self. Aan die een kant leer Romeine 3:28: *Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.* Terwyl Jakobus 2:24 sê: *Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?*

Hoe versoen ons hierdie twee sienings met mekaar?

Dieselfde geloof, verskillende werke

'n Deel van die verwarring ontstaan wanneer ons dink dat Paulus oor geloof skryf en Jakobus oor werke. Dit is egter nie die geval nie. Albei skryf oor geloof en werke, maar wel vanuit verskillende perspektiewe. Die geloof waarvan hulle praat, is dieselfde geloof. Die plek waar hulle van mekaar verskil, is oor die aard van die werke.

Die agtergrond van Paulus se briewe

Tydens sy sendingreise het Paulus gewoonlik die evangelie eerste in die sinagoges verkondig. Die idee dat ons geregverdig word deur

die kruisdood van Jesus Christus, was vir die Jode vreemd. Hulle het geglo dat jy die Ou Testamentiese wet moes onderhou om gered te word. Daarom is Paulus dikwels uit die sinagoges verban. Daarna het hy dan die evangelie aan die heidene gebring. So is gemeentes gestig wat uit bekeerde Jode sowel as heidene bestaan het.

Ná Paulus se vertrek uit die gemeentes, het van die Jode wat nie tot bekering gekom het nie, die gemeentes begin infiltreer. Hulle het weer verkondig dat onderhouding van die wet noodsaaklik is vir redding. Sommige het selfs vereis dat alle gelowiges besny moes word, soos wat die Tora beveel. Hulle het dus verkondig dat 'n mens Christus plus iets (die besnydenis) nodig het om die ewige lewe te beërwe. Daarom beklemtoon Paulus dat 'n mens slegs gered word deur geloof in Jesus Christus en nie deur wetsonderhouding nie. Ons kan immers nie die ewige lewe verdien nie, omdat ons nie aan God se eise vir volmaakte geregtigheid kan voldoen nie. Slegs 'n sondelose Christus het daaraan voldoen. Paulus se argument is dus gemik

teen die idee dat ons op grond van wetsonderhouding gered word.

Die agtergrond van Jakobus se brief

Jakobus skryf weer aan mense wat in 'n geheel ander soort slaggetrap het. Daar was mense wat gedink het: As ons in elk geval gered word deur die geloof uit genade alleen, waarom moet ons die Here dan gehoorsaam wees? Elkeen kan maar in sondebly voortleef, solank ons net glo. Jakobus skryf om hierdie wanopvatting aan te spreek.

Al praat Jakobus en Paulus oor dieselfde geloof, praat hulle dus nie oor dieselfde werke nie. Paulus verwys na werke waardeur iemand die ewige lewe probeer verdien, wat hy duidelik afwys. Jakobus verwys na werke wat uit 'n ware geloof voortvloei, wat hy as noodsaaklik ag. Dit is baie belangrik om hierdie verskil raak te sien. Kom ons kyk wat sê Jakobus daarvoor.

'n Ware geloof word bewys deur werke van gehoorsaamheid

Jakobus begin sy verduideliking deur 'n praktiese voorbeeld. As

iemand honger en sonder kos na jou toe kom en jy stuur hom weg met die woorde, “gaan huis toe en word versadig” en jy gee hom nie kos nie, wat help dit? Dit beteken vir hom niks nie. So is geloof sonder werke nutteloos, want gehoorsaamheid is die sigbare bewys van ’n ware geloof.

Klaarblyklik het sommige mense gesê: *Jy het die geloof en ek die werke* (Jak. 2:18b). Asof die geloof en die werke uitruilbare alternatiewe is. “Mense verskil, en terwyl sommige vir God aanneemlik mag wees op grond van hul werke, kan ander dit tog ook wees deur hul geloof,” is geredeneer. Jakobus wys hierdie denkwysse duidelik af wanneer hy hulle antwoord:

Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon
(Jak. 2:18c).

Iemand wat roem op sy geloof, maar geen werke het om sy geloof te bevestig nie, het geen manier om te wys dat hy werklik glo nie. Omgekeerd is dit egter duidelik wanneer iemand uit geloof leef: Sy dade getuig van sy geloof. Die Here verduidelik dit met ’n beeld:

So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar ’n slegte boom dra slegte vrugte. ’n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en ’n slegte boom ook geen goeie vrugte nie
(Mt. 7:17-18).

Wanneer iemand wedergebore word, beteken dit dat die Heilige Gees ’n algehele verandering in jou teweegbring. Hy maak jou binneste, wat inherent sleg was, weer goed. Hy maak dit wat dood was, weer lewend. Hy gee aan jou die ware geloof in God Drie-enig en bind jou aan die verlossingswerk van Jesus Christus. Die Heilige Gees se werk word voortgesit sodat jy ook uiterlik begin vertoon wat reeds binne-in jou verander het.

Geloof wat lei tot die ewige dood


Jakobus 2:19 maak ’n skokkende stelling. Ons glo dat daar net een God is. Die duiwels glo dit ook en hulle sidder. Die duiwels se geloof is dus nie tot redding nie. Hulle weet wie God is, maar leef in opstand teen Hom. Die geloof wat by die duiwels aanwesig is, vloei nie voort uit die wedergeboorte en bekering wat slegs die Heilige Gees kan bewerk nie.

Hieruit word dit duidelik dat daar groot fout is met ’n geloof sonder ’n lewe van gehoorsaamheid. Moedswillige en blatante ongehoorsaamheid is op die ou end niks anders as opstand teen God nie. Daarom kán ’n ware en opregte geloof wat deur die Heilige Gees in jou gewerk word, nie anders as om tot gehoorsaamheid aan die Here te lei nie.

Ons hoef nooit “geloof” en “werke” teenoor mekaar af te speel asof hulle vyande is nie. Die gereformeerde beginsel geld: Die Skrif verklaar homself. Wanneer ons Jakobus en Romeine in een asem lees, sien ons juis dat ware geloof werke van gehoorsaamheid voortbring. Die hand wat in geloof na Christus uitgestrek word, is dieselfde hand wat die Here en ons naaste in liefde dien. So word ons geloof sigbaar, nie om onself te red nie, want dit kan net Jesus Christus alleen doen, maar omdat die Heilige Gees ons harte nuut gemaak het.

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel (Efés 2:10). ☺

1. Leraar van die AP Kerk Naboomspruit.



Die AP Kerkwerf-toep is hier!

Onthou jy die APK Sangbundel-toep?
Die het nou ’n nuwe baadjie én ’n nuwe naam!
Die AP Kerkwerf – met die Psalms en Gesange en selfs die kerklike boeke soos die belydenisskrifte, formuliere en geloftes – alles somer in die palm van jou hand!

Soek “AP Kerkwerf” en laai die toep gratis af.





Geloofsekerheid: Die hoop wat 'n volk laat herleef

Hannes Noëth¹

In enige gelowige, ook gelowige gesinne en ook by ons as Afrikaners, kom daar tye wat 'n mens vra: Hoe gaan ek die dag van môre tegemoet?

Hierdie vraag kan nogal uitdagend wees, want die antwoord is nie altyd so maklik nie. Dit kon nie die oggend ná die moorde by Bloukrans en Weenen 'n maklike vraag gewees het nie ... Hoe staan ons weer op? Hoe laat ons hoop herleef? Die trekpad was soms uitdagend, soos ook die vryheidsoorloë, en laat ons die rebellie, die groot depressie, die bosoerlog en tye van ekonomiese sanksies nie vergeet nie. Kyk 'n mens terug, het ons volk elke keer ná uitdagings en beproewings, hoopvol in die geloof opgestaan. Hoe was dit moontlik? Die antwoord lê in geloofsekerheid ten spyte van onseker tye.

Waar in lê die geloofsekerheid waarmee ons hoopvol kan opstaan en voortgaan?

God regeer

Openbaring 4:2 bevestig en beklemtoon dit aan ons:

... daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.

Die Skrif is duidelik: God regeer. In goeie en slegte tye. In Christenland en in heidendom. Daarom kon ons nog elke keer opstaan en in sekerheid vorentoe



Zoeloe-aanval op 'n Boerelaer (Charles Bell, 1838)

bou, al is ons onseker. Juis omdat Openbaring 4:2 so vas en seker en duidelik is, kan ons in ons belydenis (vgl. HK So. 10) geloofsekerheid bely, en op grond daarvan hoopvol en seker oor die dag van môre wees. Hierdie deel van ons belydenis leer dat ons nie aan toeval oorgelaat is nie. Glad nie. God beskik. Daarom maak geloofsekerheid dat ons kan opstaan.

Die Kategismus leer ons dat die voorsienigheid van God beteken dat Hy in sy almagtige en alomteenwoordige krag beskik dat onder andere reën en droogte, rykdom en armoede, gesondheid en siekte nie toevallig is nie, maar

uit sy Vaderhand kom. Inderdaad, daar is 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.

Van “hoop-loos” na “hoop-vol”

As mense raak ons maklik hoop-loos en dan voel ons sommer hopeloos. Asof die dag van môre net te ver, te onseker, te donker en die soeke na lig in hierdie wêreld vir my net te veel is. Daarom is dit dikwels so moeilik om lig te sien in 'n toekoms wat donker lyk. Daar is so baie dinge wat ons hoop steel en maak dat ons maar bra huiwerig is om met moed die toekoms tegemoet te stap. Ons weet dat Jesus Christus ons leer om ons nie oor die dag van môre

te bekommer nie (vgl. Mt. 6:34) en tog doen ons dit. Ons is amper bang om môre tegemoet te stap. Soveel te meer as ons in die midde van krisis is, of donker tye beleef, finansiële druk ervaar, werksomstandighede negatief lyk, gesinsverhoudinge verkeerd loop, huwelike wankel, verbondskinders rebels raak. Hoe staan ons as volk op? Hoe herleef en herbou ons? Hoe het die voorgeslagte dit dan reggekry.

Met geloofsekerheid.

Geloofsekerheid

Ons voorgeslagte het die Skrif en die belydenis geglo. Ons kan ook. Ons doen dit ook. Ons gebruik dieselfde Woord en staan op dieselfde belydenis. Openbaring 4:2 en Sondag 10 staan vas. Dit kan nie wankel nie.

Openbaring 4:2 kom met 'n harde en duidelike antwoord vir wanneer ons hoop-loos voel: *... daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.* Daar word oor ons regeer. God is in beheer. Wanneer hierdie teksopenbaring vir ons 'n werklikheid word, sien ons die toekoms in 'n ander lig. Dan is daar krag vir die dag van môre, dan kan die krisis, beproewing en die versoeking maar kom, want daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.

Gevolge van geloofsekerheid

Ons belydenis (So. 10) leer ons dat hierdie waarheid (God se heerskappy) die hele lewe anders rig. Ons leef nie soos mense wat in die geloof onseker is nie. Geloofsekerheid, die vaste wete dat God regeer, het dus bepaalde implikasies vir ons daaglikse bestaan: In voorspoed is ons dankbaar, in teëspoed is ons geduldig, met 'n vaste vertroue op God.

Met hierdie vertroue stap ons die toekoms tegemoet. Wat 'n troos! Wat 'n genade! Ons God regeer – in voorspoed en in teëspoed. Wanneer daar swaar dae kom, is ons geduldig, wanneer daar dae van voorspoed is, is ons dankbaar en altyd vol moed oor môre, want God is in beheer. Hy wankel nie. Ons wankel. Ons is ontrou. Hy is getrou. Ons twyfel. Hy staan vas.

Ons leef nooit buite sy raadsplan nie. Selfs ons sondes gebruik Hy in sy raadsplan ons ten goede. Ons kan inderdaad met geloofsekerheid die toekoms tegemoet stap.

Omdat God regeer:

- Is ons in alle omstandighede getrou-wagtend op die leiding van die Here. Leiding wat deur die lyding van Jesus Christus vir ons 'n werklikheid is.

- Is ons in alle voorspoed dankbaar. Sou die dag van môre mooi dinge inhou, dan is dit omdat dit van daardie troon in die hemel so beskik is.
- Is ons in alle teëspoed geduldig. Sou die seerste seer, die moeilikste moeilik, die swaarste swaar beleef word – vanaf daardie troon in die hemel word oor ons gewaak.
- Pak ons die dag van môre met 'n vaste vertroue op Hom aan. Ons weet Hy regeer, ons is in sy hande en selfs die kleinste gebeurlikheid wat ons so maklik van stryk kan bring, gebruik Hy effektief en doelgerig.
- Kan ons as volk ook herleef en opstaan, al voel dit soms asof alles hopeloos is.

Samevattend

Daar is so baie dinge wat dreig om ons vreugde te steel en ons van 'n hoopvolle toekoms te ontnem. Ons moet leer om dit wat ons bely, daaglik uit te leef: *... daar is 'n troon in die hemel, en Een sit op daardie troon.* Daarom kan gelowiges, gesinne en ons as volk, seker wees ons is nie aan 'n hopelose einde oorgelaat nie, maar 'n eindelose hoop. Geloofsekerheid bring die hoop wat ons nodig het om te herleef. God regeer. Vir altyd en vir ewig. Daarom kan ons vorentoe leef, selfs in onseker tye. ☺

1. Uitvoerende Hoof: Solidariteit Helpende Hand.

ST LUCIA - Vakansiewoonstel te huur

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parking (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.

2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.


Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

DWARS (Rom. 1:18-32)

1. Doodslag (1:29)
2. Verdorwe, verduister (1:29)
5. Gemoed, binneste (1:21)
6. Verander hul natuur (1:26)
7. Hy openbaar kennis (1:19)
8. Veragters van God (1:30)
10. Beredeneringe (1:21)
11. Drange, passie (1:26)
13. Ewige sterkte (1:20)
17. Dergelike (1:32)
20. Toekom (1:32)
21. Beteken: Dit is seker (1:25)
22. Gerespekteer (1:28)
23. Kwade, sondige (1:30)
24. Inhaligheid, baatsug (1:29)

AF (Rom. 1:18-32)

1. Hulle skenk goedkeuring aan die kwade (1:32)
2. Afsterwing (1:32)
3. Vulgariteit (1:24)
4. Erkentenis gegee (1:21)
5. God se woonplek (1:18)
9. Toedeel (1:32)
10. Troubreuk (1:31)
11. Ontug, owerspel (1:29)
12. Blywende, tydlose (1:20)
14. Eerbetuiging (1:25)
15. Eerbaar, behoort (1:28)
16. Hulle bedryf skande (1:27)
17. Dien hom bo God (1:25)
18. Valsheid (1:25)
19. Dit word onteer (1:24)
20. Verganklike eierlêende diere met vlerke (1:23)

**B. VRAAG IN “SPEL MET SYFERS”: HOVEEL BENJAMINIETE HET DIE SWAARD OPGENEEM TEEN DIE KINDERS VAN ISRAEL?**

Doen berekeninge, skryf dit dan in die tabel (kontroleer jou antwoord met Rigt. 20:15):

1. Die aantal Spreuke wat Salomo opgestel het (1 Kon. 4:32).	
2. Vermenigvuldig die Spreuke-getal met die aantal lampe op die kandelaar (Sag. 4). Plus die Spreuke-getal dan by.	$\times$ $+$
3. Plus die getal gehuurde manne van Máaga (2 Sam. 10:6).	$+$
4. Plus die dele kaneel in die heilige salfolie (Ex. 30:23).	$+$
5. Plus die getal vorstinne van Salomo (1 Kon. 11:3).	$+$
6. Plus die aantal vate wyn wat hulle gehoop het om uit die parskuip te skep (Hag. 2:16).	$+$ $=$
Die getal Benjaminiete wat die swaard opgeneem het, was	$=$

AP KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

Ons sê totsiens ... George Frederick Müller (09.07.1947 – 06.07.2025)

Op amper 78 was dit 'n weggaan sonder 'n groet ... net die wind het kom fluister. Maar jou siel rus nou – ons hemelse Vader het jou van jou lyding verlos. George Müller het op 1 Julie 2013 as koster by die AP Kerk Bloemfontein-Noord begin dien en het diep spore in die gemeente getrap. Die lapa is gebou met sy kundigheid en onder sy toesig. Hy het die aalwyntuin voor die lapa uitgelê – hy was baie lief vir vetplante en het 'n groot versameling gehad. Sy heengaan is 'n groot verlies vir versamelaars, want met sy unieke kennis kon hy oombliklik die botaniese naam van 'n plant gee aan hulle wat gevra het. George het 'n gawe gehad om maklik te vergewe en het baie komplimente gegee. As ouderling het hy sy alles gegee met basaartyd en by kosfeeste. Vaarwel my man – tot ons weer ontmoet. – **Elize Müller**



George Müller

Ons gemeente sal altyd met goeie herinneringe terugdink aan George Müller, wat vir 12 jaar as koster diens gedoen het. Hy was 'n openhartige persoon en sy plek is nou leeg. Rus in vrede, broer George, jou aardse werk is nou voltooi. – **Ashley Gordon**

LEWENSREG TE KOOP

SMIRNA Oord
Jy is ryk in Christus

**WONDERLIKE
BESKOSTIGBARE HUISE
TUSSEN JOU EIE MENSE BY
DIE KERK VAN JESUS
CHRISTUS
AP KERK TRANS-MAGALIES**

- Sentrale ligging in 'n gebied met 'n lieflike klimaat;
- Naby hospitale en groot inkopiesentrums;
- Lae heffings.

R 785 000 2-SLAAPKAMER EENHEID.
R 620 000 1-SLAAPKAMER EENHEID.

Vir meer inligting skakel:
📞 Minette - 064 618 5163

Lig in Duisternis
UITGEWERS

**Die apie wat nie
kan stilsit nie**

'n Vrolike, kostelike
verhaaltjie oor
wilskrag en groei.

Nou
beskikbaar
teen slegs
R150

Kom ontdek waarom hierdie apie
altyd in die warm water beland!

Wil jy finansiële bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Bankbesonderhede:

Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media

ABSA Tjekrekening: 411 338 3472

Takkode: 632 005

Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer

Besoek aan Jerigo Oord

Ds. Pieter het met 'n Bybelstudiegeleentheid by Jerigo Oord begin, asook die bediening van voedsel aldaar. Jerigo Oord se inwoners is so dankbaar dat hulle ons geantwoord het met die volgende boodskap: "Dankie, ds. Pieter van Deventer en die lidmate van die AP Kerk Delmas, vir die worsbroodjies en leersame Bybelstudie." Jerigo Oord se inwoners geniet die Bybelstudie en kan nie wag vir die volgende Bybelstudiegeleentheid nie.

Baie dankie, ds. Pieter, ons almal se harte sing
van vreugde!

Francesca Pretorius



Ds. Pieter van Deventer en broer Nico Roodt



Inwoners van Jerigo Oord

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat
bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by
ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u,
of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE
BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER
HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE
SE BEHOEFTE S TE VOORSTIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle
bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

18	U					1	B							2	A	M	E	N		3			4	B			
			5	J			L		6	U					A				A				O				
7	G	O	U	E			O			I				8	P	R	I	E	S	T	E	R			9	S	
				D			E			T	5	I	2	S		D				I			K			T	
		10	W	A	A	R	D	I	G					11	G	E	W	E	E	N						A	
			Y							E	7	G	3	2	S	8	L	10	A	7	G			12	L	A	M
13	S	K	A	L	E				S					14	T	R	O	15	O	16	N		E	3	E	6	N
			11	H	3	4	E	T				1	6	2	O	N	S	U		I		W					
		17	E	N	G	E	L			U		18	L	I	E	D			E			19	E	E	20	R	
				I			14	V	5	13	I	R	U		7	G	1	9	O	D	E		M		N		E
		21	D	A	W	I	D			22	R	E		23	G	T	E	R	H	A	N	D				U	
12	M	3	E	4	T				18	U					E			L		N		E			K		
24	G	E	S		L	A	G			17	B			27	B	E	V	I	N	D						W	
	E			I				E		8	L				E			N				28	S	29	E	W	E
	E			T			K			1	O			D				G						L		R	
30	S	T	E	M			O			3	E	31	V	E	R	S		E	E		33	L		K		K	
	T			R			O			9	D	O				I				E				E			
	E			S	34	S	K	E	P	S	E	L				35	N	U	W	E		E					
7	G	3	E	16	K	1	O	1	15	P			36	K	R	A	G				U		N				

AP KERK KLEINFONTEIN

Ons is 20 jaar oud!

Op Sondag 2 Januarie 2005 stig die AP Kerk Kleinfontein af van die AP Kerk Cullinan/Rayton ooreenkomstig artikel 37 van die Kerkorde. (Die behoefte ontstaan weens die mooi groei van Kleinfontein as 'n volkseie Afrikanergroep.) Met stigting is daar 106 belydende lidmate en 12 dooplidmate. Die diens, sowel as die bevestiging van kerkraadslede, word waargeneem deur prof. FAH van Staden en vier ouderlinge en vier diakens word bevestig. Dit vermeerder egter nog dieselfde maand tot nege ouderlinge en nege diakens nadat daar op die kerkraadsvergadering van 13 Januarie besluit word om die gemeente in nege wyke te verdeel. Die direksie van KBK (Kleinfontein Boerebelange Koöperatief Bpk) verleen reeds voor stigting goedkeuring dat die gemeente die gemeenskapsaal teen 'n billike huur vir eredienste, begrafnisse, huwelike en ander gemeentelike funksies kan gebruik.

Op 20 Januarie word ds. AS van Jaarsveld as eerste leraar van die gemeente beroep. Hy word opgevolg deur ds. WA Burger.

Die nuwe gemeente laat geen gras onder haar voete groei nie en reeds op 9 April 2005 word die eerste Oesfees gehou. Met die seën van die Here gaan die gemeente hierna net van krag tot krag. 'n Orrel word nuut aangekoop en binne twee jaar afbetaal. 'n Kerkklok word bekom en op 24 Augustus 2008, tydens die 75-jarige herdenking van die Bybel in Afrikaans, ingewy. Gedurende 2010 word 'n kombuis by die gemeenskapsaal aangebou.

Hoewel steeds 'n klein gemeente, staan die AP Kerk Kleinfontein steeds haar plek vol in die bediening van ons Here se Woord. Op 12 Januarie lei ds. Hartzenberg, bedienaar van die Woord sedert 12 Junie 2016, 'n dankseggingsdiens vir 20 jaar se genade ontvang uit die hand van ons almagtige God. Op Saterdag 24 Mei vier die gemeente in ligte en gemoedelike luim fees met 'n potjiekosdag.

Met die kerkraad se vyfjaarplan om verskeie doelwitte te bereik en die seën van ons hemelse Vader, gaan die AP Kerk Kleinfontein die toekoms met vertroue tegemoet.

Hannes Davel



AP KERK LEONARDVILLE

Tot weersiens wonderlike woestynland!

Op 28 April lui die selfoon op Stampriet: 'n Beroep na die AP Kerk Bethal. Onwerklik, ongelooflik – die roepstem van die Here. Vir drie weke bid en worstel die pastoriepaar en saam met hulle, lidmate van twee verskillende, uiteenlopende gemeentes.

Op 16 Mei gaan die antwoord uit na beide gemeentes: Die beroep word opgevolg. Natuurlik raak dit mos almal – party oorstelp van dankbaarheid, ander ontsteld oor 'n leemte wat gelaat word. Hoe gaan die Here vir Leonardville voorsien? Werkspermitte vir predikante raak al meer 'n kwessie en die vereistes vir verkryging van permanente verblyf in hierdie land bokant die normale leraar se vuurmaakplek. Ons laat dit aan Hom oor ...



Oudl. Paul van Zyl (vader), oudl. Dawie Nieuwoudt, ds. Albert Boshof, katkisant Jana-Marie van Zyl

Gedurende Junie word by die ses verskillende preekpunte gegroet: Gobabis kry die eerste beurt op 1 Junie. Daarna volg Leonardville en Aranos, met 'n besondere geleentheid van belydenisaflegging van 'n verbondskind. Dan volg Maltahöhe en Mariental en die maand loop uit met 'n laaste diens op Keetmanshoop.

Wat 'n besondere voorreg om vir tien jaar op Stampriet te kon bly en hier, in hierdie “unieke geografiese omstandighede,” te kon werk! Ons harte is vol, ons gemoedere is vol ... Hoe sê 'n mens dankie ná soveel jare se hartlike ontvangs en onbaatsugtige versorging in sovele harte en huise? Dit is in ons harte afgeëts ... Tien jaar in hierdie wonderlike woestynland – wat 'n absolute voorreg! Ons DuitsWes groet is nie vaarwel nie, bloot net tot weersiens.

Die treklorrie laai die meubels op 26 Junie en ons verlaat DuitsWes op 29 Junie ná Keetmanshoop se erediens. Dit is 'n lang pad Bethal toe – baie lank – so 1 700 km. Ontvangs en bevestiging is sommer gou op Sondag 6 Julie. Ons sien uit na 'n nuwe avontuur in die Here se diens: Hy is Ebenhaéser, en Hy is Immánuel!

Dit bly 'n heerlike voorreg om in die lewende God van hemel en aarde se diens te staan, om wonderlike mense te ontmoet, om vriendskappe te sluit, om liefde te deel. *Soli Deo Gloria*

Ds. Albert Boshoff

IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte (“refurbished”) rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

AP KERK FRANKFORT

Die sakrament van die doop: 'n Nuwe begin vir ons kindertjies

Onlangs het ons die wonderlike voorreg gehad om die heilige doop aan klein seuntjies in ons gemeente te bedien. Dit was 'n ontsagwekkende oomblik van dankbaarheid en vreugde, nie net vir die gesinne nie, maar vir ons as gemeente wat hulle verwelkom in die groter liggaam van Christus.

Ons is opgewonde en dankbaar om vir hierdie jong lewens 'n plek te bied waar hulle in hul geloof kan groei. Deur die doop word die verbond wat God met sy mense gesluit het, aan hulle bevestig. Die beloftes wat God in sy Woord gegee het om altyd by ons te wees, om ons te lei en te beskerm, word aan hierdie seuntjies gegee.

Ons bid dat hulle en hul gesinne sal groei in die kennis van God se liefde en trou, en dat hulle daaglik sal besef hoe kosbaar hulle in God se oë is. Mag hulle elke dag meer leer om die beloftes van die doop op te neem en toe te eien, sodat hulle in geloof sal leef en hul liggies helder sal laat skyn. Ons is opgewonde om hierdie pad saam met hulle te stap en sien uit na al die wonderlike oomblikke van groei, geleenthede en geloof wat die toekoms vir hulle inhou.

Welkom in die familie van die AP Kerk Frankfort!

Marlé Janse van Rensburg



Johan en Claudine Pretorius met
baba Handré en sussie Mienke



Ds. Herman, Eric en Bonquet
Bibbey met baba Frederick



Bertus en Charet Linde
met baba Jan-Albert



Nicol en Patricia Linde met
baba Gerhard en boetie Bartu



AP KERK PRETORIA-OOS

Skoolverlaterskamp 2025

As jy wil weet wie jy is ... KOM! As jy geestelik wil groei ... KOM! As jy meer wil leer ... KOM!

So lui een van die skoolverlaters se uitnodiging aan volgende jaar se matrikulante.

Skoolverlaterskamp 2025 het uit sy nate gebars met 28 matrikulante se bywoning – een van ons grootste kampe nog! Onder die bekwame leiding van ds. Attie Boshoff, wat oor jare op dr. Bobby Ellis se wenresep vir hierdie kamp met groot seën voortgebou het, en met ds. Peet Schutte aan sy sy, het ons die beste voorgangers gehad. Natuurlik het tannie Hes Boshoff en Susan Schutte gesorg vir koningskos en saam met die oulike kosspanse was hulle met tye selfs voor skedule met die voorbereiding van die volgende maal.



Vir 2026 se matrikulante wat moet besin oor die besteding van die eerste week van die winterskoolvakansie, die volgende terugvoer:

- Skoolverlater 1: Ek was eers baie onseker oor my toekoms, maar ek het nou baie meer sekerheid oor die pad vorentoe.
- Skoolverlater 2: Die vriende wat ek gemaak het en die lewenslesse wat ek geleer het, kan nie met al die geld in die wêreld gekoop word nie.
- Skoolverlater 3: My oë is oopgemaak en ek kyk met 'n heel ander perspektief na die lewe. Ek het ware vriende gemaak met dieselfde waardes as ek.
- Skoolverlater 4: Ek wil my verhouding met die Here verdiep en net beter wees ná al die onderwerpe en goeie raad.
- Skoolverlater 5: My doel met my lewe vorentoe is om 'n man van Christus te wees en net sy voorbeeld uit te leef.
- Skoolverlater 6: Jy verwerf kennis met ewigheidswaarde en bemeester vaardighede wat jou geloofslewe en alledaagse lewe versterk.
- Skoolverlater 7: Ek dank ons hemelse Vader dat Hy ons jongmense die geleentheid bied om so 'n Skoolverlaterskamp te kan bywoon.
- Skoolverlater 8: Dit is 'n noodsaaklike kamp, 'n een-maal-in-'n-leeftyd-gebeurtenis! Ek is nou meer voorbereid op wat oor ses maande van nou af gaan gebeur.
- Skoolverlater 9: My doel is om my verhouding met die Here te verbeter, sy Woord beter te verstaan, te weet waarin ek glo en nie te twyfel nie.
- Skoolverlater 10: Ek het deur die kamp my roeping gevind waaroor ek vroeër nie sekerheid gehad het nie. Ek wil daardie roeping opvolg en die Here daardeur eer.

Baie dankie vir elke gemeente se hulp en ondersteuning om matrikulante by hierdie onvergeetlike kamp te kon verwelkom.

Danie en Maritsa Pretorius

AP KERK WATERBERG

Ons hou basaar!

Die AP Kerk Waterberg was onlangs weer lekker bedrywig toe ons 'n vrolike en gesellige basaar aangebied het. Die gemeenskap het saamgekuier, gesmul en sommer heerlik gelag.

Een van die hoogtepunte was die aanstelling van ds. Riaan Pretorius as die basaar se amptelike bakker. Wat begin het as 'n prettige uitdaging, het vinnig in 'n smaaklike sukses ontaard toe hy gewys het dat hy nie net die Woord nie, maar ook 'n brood kan hanteer! Hy het later gewys dat hy 'n bobaas bakker is.

Die basaar het ook van sy sukses te danke aan die bekende sosatiespan van die Bosveld – oom Danie Stapelberg en sy skoondogter, Danilla. Hierdie dinamiese duo het weer gewys waarom hulle as die sosatiemeesters van die omgewing bekendstaan, en hul smullekker sosaties was beslis 'n treffer by oud en jonk.

Dit was 'n dag van gemeenskap, samewerking en sommer net lekker saamwees – presies soos dit by 'n regte basaar hoort!

Stoffel Visser



Oom Danie en Danilla Stapelberg



Lekker basaar!

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430

Kasteelsig Gastehuis Pretoria

Umgeni straat 366, Erasmuskloof

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal

Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756

SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies.

082 390 9465 / lettiefour@gmail.com

GASTEHUIS IN PRETORIA

2 slaapkamers (slaap 4), kombuis, 1½ badkamer, sitkamer en eetkamer. Geleë in Newlands, Pretoria-Oos (naby Menlyn winkelsentrum en baie hospitale).

Kontak Rosi: 078 658 6989



Henry Olivier, die man wat miljoene mense se lewens help verbeter het – Alana Bailey



Van Génesis tot Openbaring word verwys na water as kragtige simbool van onder meer geloof en God se almag. In ons land wat so dikwels onder droogtes gebuk gaan, is water 'n kosbare herinnering aan die Vader se genade en leer ons van jongs af om verantwoordelik daarmee te werk.

Iemand van wie min mense weet, maar wat 'n besondere rol in dié verband gespeel het, was Henry Olivier.

Hy is op 25 Januarie 1914 in Sutherland gebore en het daar skoolgegaan tot 1929, toe hy na die voormalige Rhodesië (nou Zimbabwe) is. Hy matrikuleer in 1932 aan Umtali Hoërskool en studeer daarna ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad (UW). Daar verwerf hy in 1936 'n BSc-graad in ingenieurswese met lof, asook beurse vir buitelandse studie. Ná 'n jaar by die Johannesburgse firma, FE Kanthack en Vennote, vertrek hy na Engeland waar hy by die Londense firma van raadgevende ingenieurs, Sir Alexander Gibb en Vennote, aansluit. Hierdie werksverhouding sou oor die volgende 31 jaar daarvoor sorg dat hy wêreldwyd 'n sleutelrol by van die 20ste eeu se grootste waterprojekte speel.

Aanvanklik werk hy aan projekte wat met die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) verband hou. Hy was een van die span wat die prototipe van die sogenaamde Mulberry-hawens gebou het.



Dit was tydelike verskuifbare hawens wat ontwikkel is om te verseker dat vrag tydens die Geallieerde Magte se D-Dag-inval in Normandië (6 Junie 1944 en daarna), vinnig op strande afgelaai kon word.

Ook met die oog op dié inval, was hy by die ontwerp en konstruksie van onderdompelbare beton-vlootbombardementtorings betrokke. Deur met water gevul te word, kon hierdie torings stewig in vlak water op die seabodem geanker word om vuurkrag te verskaf. Wanneer die water egter uitgedomp is, kon dit weer maklik verskuif word om op ander plekke ingespan te word.

Vanaf 1944 is hy medewerker aan die Skotse hidro-elektriese skema, waarna hy na Iran gestuur word vir deelname aan projekte aldaar, insluitend die Larvallei-hidro-elektriese projek. Hy is vervolgens betrokke by die bou van die Owen Fallsdam in Uganda, gevolg deur 'n tydperk terug in Rhodesië waar hy die inwonende vennoot en hoofingenieur is van die span verantwoordelik vir die ontwerp en bou van die Karibadam. Dié projek het destyds die grootste mensgemaakte meer ter wêreld geskep. Daarna vertrek

hy na Pakistan vir deelname aan die Indusbekkenprojek.

Terug in sy geboorteland, word hy die verantwoordelike vennoot van een van die raadgevende ingenieursfirmas wat aangestel is om die Hendrik Verwoerddam (nou die Gariepdam) en die PK le Rouxdam (nou die Vanderkloofdam) te ontwerp en te bou.

Die Gariepdam is steeds die grootste dam in die land. Bouwerk daaraan het in 1965 begin en dit is amptelik in 1971 geopen. Die dam beslaan 374 km² as dit vol is, met 'n wal wat ongeveer 88 m hoog en 914 m lank is. Sowat 1,73 miljoen m³ beton was nodig om dit te bou en binne die wal strek gange en trappe 13 km ver. Hierdie ingenieursprestasie is 'n gepaste monument vir mense soos Olivier, wat saamgewerk het om beter watervoorsiening vir miljoene mense te probeer skep.


Benewens die bogenoemde, was hy verder ook betrokke by die Oranje-Visriviertonnelpjek, die Lesotho-Hoogland-waterprojek





Geloofsekerheid

Hannekie Verwoerd



“Daar is geen sin daarin om dieselfde oortuigings as jou ouers te hê nie, tensy jy self tot daardie oortuigings gekom het. Sommige mense doen sekere dinge nie omdat hul ouers dit nie gedoen het nie. Nie goed genoeg nie. Sommige mense besluit om sekere dinge te glo, sekere plekke te besoek en ’n sekere leefstyl te hê omdat ’n ander Christen wat hulle bewonder, daardie dinge wel doen of juis nie doen nie. Dit is nie goed genoeg nie. Tweedehandse oortuigings sal nie die toets van die tyd deurstaan nie. Jy moet jou eie oortuigings hê. Jy moet self daarvan oortuig wees.” – Stuart Ollyot.¹

Om te glo wat Ma en Pa geglo het, is nie goed genoeg nie. Oortuigings wat nie persoonlik is nie, sal nie die toets van die tyd deurstaan nie, sê ds. Stuart Ollyot. Natuurlik glo baie van ons omdat ons eie ouers gelowig was. Die Here werk middellik – ons ouers en ons grootouers se geloof word gebruik om aan ons die evangelie te verkondig. Maar ds. Ollyot is ook reg. Elke mens moet tot sy eie oortuiging kom dat hy Jesus Christus as Saligmaker wil ken, wil liefhê en wil dien. Kan ek as ouer my tienerkind help om geloofsekerheid te verkry?

Die beginpunt van hierdie vraag se antwoord is om jouself oor jou eie geloofsekerheid uit te vra. Weet jy dat jy weet dat jy weet? Jou eie uitlewing van jou geloof, die diepte van jou verhouding met die Here en jou kennis van wie Hy is, gaan ’n deurslaggewende rol speel in hoe ernstig jou kinders jou opneem wanneer julle oor geloofsake praat. ’n Ingesteldheid van “maak soos ek sê; moenie maak soos ek maak nie”

gaan nie werk nie. Dis die egtheid van jou verhouding met die Here wat maak dat jou kinders luister as jy praat.

Waaroor moet jy dan praat? Geloof is immers ’n geskenk van God wat die Heilige Gees in ons werk en wat ons nie self kan probeer doen nie. Ons moet ook nie, maar Romeine 10:14 herinner ons:

Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?

Daardie preek deel ... dit is nie net die werk van die dominee nie. Dis die werk van elke verbondsouer en dit moet uit jou hart kom, nie net uit jou mond nie. Hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie ...

My geloofsekerheid is gesetel in die Een in wie ek glo. Ek glo dat ek verlos is, ek glo dat ek

salig is, ek glo dat ek wederbaar is, nie op grond van ’n ervaring wat ek gehad het, of die vrugte wat ek nou dra nie. Ek glo dat ek regverdig voor God staan op grond van wie Hy is. My sekerheid is gesetel in die Een wat my red, nie in my geloof in die Een wat my red nie (dan is geloof ’n prestasie wat ek aanbied vir my redding). Dit is dus van groot belang dat ons met ons kinders sal praat oor God. Oor wie Hy is.

Ons verval maklik in die gewoonte om oor allerhande kwessies met ons kinders te gesels en te redeneer. Ook goed – ’n mens moet hulle inskerp om krities te dink en logies te redeneer. Maar so dikwels lyk dit asof dit die ganse al is van waaroor ons met hulle praat. Hoe verdedig jy hierdie of daardie teologiese konstruk, leerstuk of standpunt? Waarom is hierdie of daardie stelling in stryd met wat ons kerk leer, waarom is sus of so optrede nie in lyn met optrede waardig die evangelie nie? Op die

1. <https://bit.ly/4l0pp9q> (Redaksioneel vertaal).

ou end kan jy baie oor die Bybel en godsdiens weet, maar God steeds nie regtig ken nie. Die Een wat jou red, Hom moet jy ken.

Die hoedanighede van God, sy karakter, sy eienskappe – daar is baie woorde wat ons kan gebruik om te omskryf waarom dit gaan as ons oor God se wese en karakter begin gesels. Toe ons kinders klein was, het ons vanuit NGB se artikel 1 die volgende gememoriseer: “Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.”

Noudat hulle ouer is, probeer ons om elke keer as ons saam Bybel

lees, die vraag te beantwoord: “Wat leer ek oor God?” en: “Hoe raak dit my?” Ons probeer nie om die teks deur ’n bril te benader nie, maar om ons altyd in nederigheid onder die Woord te stel – bereid om daardeur verander te word, bereid om ons opinies aan te pas sodat dit meer in lyn met die waarheid van die Woord kom en nie andersom nie. Om tydens huisgodsdiens met jou kinders oor God te praat, vereis van jou om Hom eerste te stel, nie jou baie standpunte en opinies oor leerstukke nie.

Om onder die indruk te kom van wie God is, hoe heilig, hoe ver bo ons verhewe en hoe gans anders Hy is, lei ’n mens noodwendig tot

beter insig in wie jy is. Hoe nietig, hoe verwerplik, hoe onwaardig, hoe vermetel, hoe onmeetlik onrein, hoe totaal verdorwe, hoe heeltemal nie in staat om lief te hê nie. En dan? Dan draai ons oë en ons kinders se oë na Hom wat begeerlik is bo alles – die Een wat nie net in staat is om ons te red nie, maar ook die Een wat ons bo alles wil red. Dan kom sekerheid van redding nie meer uit enige iets binne myself nie en kan ek uitroep:

*Aan die Koning van die eeue,
die onverderflike, onsienlike,
alleenwyse God, kom toe
die eer en die heerlijkheid
tot in alle ewigheid. Amen
(1 Tim. 1:17). ☺*

◀ Vervolg vanaf bl. 30

Henry Olivier, die man wat miljoene mense se lewens help verbeter het

en die oprigting van die Cahora Bassadam in die Zambezirivier in Mosambiek.

Deur die jare sit Olivier sy studies voort en verwerf doktorsgrade en eredoktorsgrade in ingenieurswese. Hy publiseer ook verskeie boeke, handboeke en tegniese artikels in nasionale en internasionale tydskrifte.

Deur sy roemryke loopbaan ontvang hy verskeie eerbetone en word onder meer in 1954 deur koningin Elizabeth II as Ridder van die Mees Vooraanstaande Orde van St. Michael en St. George bekleed. In dieselfde jaar ontvang hy die Britse Kroningsmedalje. In 1967 word hy deur die president van Pakistan, Ayub Khan, met ’n goue medalje vir verdienstelike

diens aan Pakistan bekroon, en in 1994 benoem die Amerikaanse Biografiese Instituut hom uit erkenning vir sy siviele ingenieurswerk as die “Man van die Jaar”. Plaaslik word hy in 1992 met die Suid-Afrikaanse Orde vir Voortreflike Diens (goud) bekroon. Hy dien onder meer as president en later erelid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs en was ook lid van die professionele siviele ingenieursinstellings van Brittanje, die VSA, Suid-Afrika en Rhodesië.

Olivier en sy vrou, Tollie, se huwelik is met drie dogters geseën. Hy is oorlede ná ’n beroerteaanval op 6 Oktober 1994 op Jeffreysbaai en is daar vanuit die NG Kerk begrawe. ’n Uitstalling gewy aan sy prestasies,

kan in die Louwhuis in Sutherland besigtig word.

Dikwels fokus ons op kunstenaars, militariste, sportsterre of politici wanneer ons helde uit die verlede in herinnering roep, maar vergeet van mense soos Olivier in ander beroepsvelde wat met hul ywer ’n groot rol gespeel het om ons daaglikse bestaan te verbeter. Ten spyte van al sy prestasies, was dit byvoorbeeld onmoontlik om ’n volledige biografie van Olivier te vind en moes hierdie artikel as’t ware soos ’n legkaart uit verskeie ander artikels en berigte saamgestel word. Die herontdekking van mense wat nasionaal en internasionaal uitblink het, is ’n terrein waarmee ons meer moeite behoort te doen omdat hul lewensverhale as inspirasie vir komende geslagte dien. ☺

SMELTOOND

• September 2025 •

Deur Charlotte Möller



Geestelike geheueverlies¹

Wat ons gehoor het en weet ... sal ons nie verberg ... nie, ... die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het ... en die dade van God nie vergeet nie, ... nie word soos ... 'n koppige en wederstewige geslag, ... met 'n onvaste hart en wie se gees nie trou [is] teenoor God nie (Ps. 78:3-4, 6-8).

Die hedendaagse mens is 'n "slimmens" – van sy vroegoggend stroomluister tot sy laataand Facebook-nabetraging is die vrug van digitale tegnologie. Die internet het dié kuierplek van die 21ste eeu geword, 'n kuierplek waar daar vir ons gedink word en ons onself maar aan die vergetelheid kan prysgee.

Demensie is 'n dief, die "groot vergeet" wat menseleuens steel. Anders as die mediese toestand wat onontkombaar is, word die kerk bestee deur 'n vorm van selfgekoosde geestelike geheueverlies, hetsy passief deur verwaarlosing of aktief deur opstandigheid. In die vroeë kerkgeskiedenis was dit die ouderling Arius wat "vergeet" het wie Jesus was en talle op sy ketterse sleeptou geneem het. In die Middeleeuse Weste het verskeie pouse en ander kerklike leiers vergeet wat dit beteken om herders te wees en het herderskap vir politieke mag verruil. In die 20ste eeu het baie Duitse Protestante vergeet wat dit beteken om God eerder as mense te gehoorsaam en die moorddadige Nazi-regime van Adolf Hitler ondersteun. In ons tyd vergeet baie belydende gelowiges wat dit beteken dat God die mens as man en vrou geskape het.

Nathan Finn, kerkhistorikus en predikant, is oortuig dat die lewe in die digitale era die potensiele

verlies van ons teologiese en etiese geheue vergroot. Ons hoogs digitale bestaan stel ons in staat om voortdurend aan die "hier en nou" verbind te bly. Dit wat verder weg, in die geskiedenis lê en nie opbouend kan bydra tot die ongekompliceerdheid van die hier en nou nie, word in die sogenaamde geheuegat ("memory hole") gegooi. Die ware verhaal van die skepping, insluitend die kleiner verhale van ons families, ons gemeenskappe, ons volk, die geskiedenis van die Christendom wat ons menswees tot volheid vorm, lê in die geheuegat.

Geen tegnologie is bloot 'n neutrale instrument om te gebruik vir watter sedelike goeie doel ons ook al pas nie, soos ook die internet. Dit eis ons volle aandag op, verlei ons tot groter lojaliteit, laat ons vergeet hoe die lewe eens in die werklike wêreld was. Ons onthou nie meer wie ons is en hoe ons hier gekom het nie, maar neem aan dat ons meer weet as almal wat voor ons was as gevolg van ons konstante toegang tot byna onbeperkte, "beter" inhoud.

Geskiedenis is slegs van waarde vir iemand wat besef dat daar patrone in die verlede is wat die hede van voedende tradisies kan voorsien. As gelowiges glo ons dat dit die geval is. God roep ons op om die verlede te onthou. Dit sluit eerstens en bowenal die Skrif in, wat die

woorde en weë van God van die skepping tot die wederkoms vertel en ons Bybelse wêreldbeskouing vorm. Maar dit geld ook vir die Christelike verlede, van die einde van die Nuwe Testamentiese era tot so onlangs as gister.

Hoe kan ons geestelike geheueverlies voorkom?

- Lees gereeld uit 'n fisiese Bybel en sluit belydenisskrifte, liturgieë en ouer kerkliedere in jou gebedslewe in.
- Vul jou Skriflesing aan met opbouwende biografieë van getroue Christelike leiers.
- Lees een ou boek vir elke nuwe boek.
- Luister na poduitsendings of oudioboeke wat fokus op kerkgeskiedenis in jou daaglikse lewe.
- Bevorder die historiese kontinuïteit van die Christendom deur deelname aan die kerk se aanbiddingspraktyke.

Elke gelowige se verhaal is deel van 'n veel groter verhaal en ons strewende na godsvrug kan gevorm word deur die voorbeeld van heiliges uit vervloë dae. Die hede duur immers altyd net 'n oomblik, maar die wysheid van die Christelike verlede sal tot in ewigheid spreek. ☺

1. <https://bit.ly/41Lb0c>



**Onafhanklike, Afrikaanse
inhoud in elke huis.**



LUISTER HIER

Luister op DStv-kanaal 887 of op www.pretoriafm.co.za



Die **gevaar** van 'n **lou** geloof

Daar is drie groepe mense in hierdie wêreld. Die eerste groep is vuurwarm vir die evangelie en werk met ywer en lus vir die koninkryk van God. Hulle leef met God se gebooie op die hart en die Heilige Gees noem hulle “waardige kinders van God”.

Die tweede groep se harte het yskoud vir Christus geword. Hulle is soos Farao in die boek Exodus wat geen liefde vir God het nie en Hom tot vyand verklaar, of soos die Jode en Romeine wat gereedstaan om Christus weereens te kruisig. Ons noem hulle “ongelowiges”.

Dan is daar 'n derde groep mense – die “loues”. Van hulle sê Christus, ons Here, in Openbaring 3:16: *Maar nou, omdat jy lou is en nie*

koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.

Is jou geloof lou? Dis 'n vraag wat elke Christen dwing om in die spieël van God se Woord te kyk en homself te toets. Om hierdie selfondersoek te doen, moet ons eers 'n belangrike vraag vra.

Wat presies is 'n lou geloof?

Die Engelse gedig van Geoffrey Studdert-Kennedy beantwoord dit pragtig:

*When Jesus came to Golgotha
They hanged Him on a tree,
They drove great nails through
hands and feet,
And made a Calvary.¹
They crowned Him with a crown
of thorns;*

*Red were His wounds and deep,
 For those were crude and
 cruel days,
 And human flesh was cheap.²
 When Jesus came to Birmingham,³
 They simply passed Him by;
 They never hurt a hair of Him,
 They only let Him die.
 For men had grown more tender,⁴
 And they would not give Him pain;
 They only just passed down
 the street,
 And left Him in the rain.
 Still Jesus cried, "Forgive them,
 For they know not what they do."
 And still it rained the winter rain
 That drenched Him through
 and through.
 The crowds went home and left
 the streets
 Without a soul to see;
 And Jesus crouched against a wall
 And cried for Calvary.*

Hierdie gedig sê mooi wat die koue en lou mense se geaardheid is. Koue mense kruisig die Here Jesus en slaan groot spykers deur sy hande en voete. Hulle sit 'n doringkroon op sy kop en maak Hom dood.

Tog doen lou mense iets veel slegter en meer boosaardig. Hulle is gevoelloos en harteloos wanneer dit by Jesus Christus kom. Hulle dink nie aan Hom nie, erken Hom nie en leef net vir hulleself. Warm

mense leef vir Jesus, want hulle weet Hy is Koning. Koue mense haat Jesus, want hulle erken Hom nie as Koning nie.

Ek en jy kan ook hieraan skuldig wees.

Hierdie gedig is gegrond op Matthéüs 25:31-46. Daar leer die Here Jesus dat elkeen wat vir sy naaste omgee, dieselfde aan Hom gedoen het.

As ons vir 'n vreemdeling kos, water of skuiling gee, dan is ons harte vuurwarm vir Christus. Maar as ons 'n vreemdeling (ons naaste) vermy, dan is ons soos die gedig sê: Ons "gaan eenvoudig by Hom verby". Ons het lou geword.

Die Here het ons sy kinders gemaak om warm vir Hom te wees. Dit beteken dat ons die Here en sy gebooi met ons hele hart en met ons hele siel en met al ons krag moet liefhê (vgl. Deut. 6:5). Jesus Christus het met sy dierbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal. Hy verseker ons deur die Heilige Gees van die ewige lewe. Hy versterk en inspireer ons deur die Heilige Gees om vuurwarm, brandend vir Hom te wees.

1. Die koppie waar Jesus gekruisig is.

2. Hulle was wrede en het mense maklik gekruisig.

3. Ons kan ook sê "Suid-Afrika".

4. Hulle het passief en lou geword.

... en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan
haar man by haar, en hy het geëet. (Gén. 3:6)





Die groot verhaal van die Bybel



Elke mens se lewe het sy eie verhaal. As iemand jou oor jou eie lewe uitvra, sal jy kan sê wanneer jy gebore is en as jy goed kan onthou, sal jy noukeurig vertel van die goeie, maar ook die slegte dinge wat al met jou gebeur het. Ons het elke dag ook met ander verhale te doen, byvoorbeeld in 'n storieboek, 'n TV-verhaal of 'n fliek.

Daar is een verhaal wat baie belangriker as alle ander verhale is: Die groot verhaal van die Bybel. Dit vertel ons oor die begin van alle dinge; wie ons is; waarom alles nie meer is soos dit in die goeie begin was nie; hoe dit herstel kan word; watter rol elkeen van ons in hierdie verhaal speel.

Jy kan die groot verhaal van die Bybel volgens hierdie hoofgebeure onthou:

- **Die skepping:** God skep die wêreld en die eerste mense, Adam en Eva, baie goed. Hulle was gehoorsaam aan God en het saam met Hom in die tuin van Eden gewandel.
- **Die sondeval:** Satan versoek Eva en sy sondig deur van die vrug van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet. Sy gee vir Adam van die vrug en ook hy sondig. Hul sonde het vreeslike gevolge: swaarkry, dood en skeiding van God. Alle mense ná hulle is verlore sondaars.


- **Die verbond:** God begin die probleem van sonde oplos deur Abraham te roep en met hom 'n verbond te sluit. Hy sou die vader word van 'n groot volk wat God aanbid. God wou hierdie een volk gebruik om die res van die wêreld se verhouding met Hom te herstel.
 - **Die roeping:** Deur 'n klompie gebeure trek Abraham se nageslag na Egipte. Hulle groei tot 'n groot volk, maar word uiteindelik slawe. God roep Moses om die Israeliete uit die Egiptenaars se slawerny te verlos. Hierdie gebeurtenis is 'n vooruitwysing na God se uiteindelijke verlossing van sy mense uit hul sondeslawerny.
 - **Die gebooie:** Nadat God sy volk gered het, sluit Hy met hulle 'n verbond (die Mosaïese verbond) en gee vir hulle sy wet (die Tien Gebooie) waarvolgens hulle heilig (afgesonder vir Hom) moes leef.
 - **Die verowering:** God gebruik Josua om die Beloofde Land (Kanaän) te verower.
 - **Die koninkryk:** God se volk, Israel, kry konings: Saul, Dawid en Salomo.
 - **Die ryk skeur:** Ná Salomo breek daar 'n burgeroorlog uit en die ryk skeur in twee: Israel (Noordryk) en Juda (Suidryk).
- Daar is baie konings – sommige goed, maar die meeste is sleg.
- **Die ballingskap:** God se volk verval in afgodery en as straf verloor hulle die Beloofde Land. Israel word in 722 v.C. deur Assirië verower en Juda word in 586 v.C. deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer.
 - **Die tuiskoms:** Juda keer ná 70 jaar terug na hul land onder leiding van Esra en Nehemía.
 - **Christus se koms:** Ongeveer 400 jaar later stuur God sy Seun, Jesus Christus, om sy volk van hul sondes te verlos. Christus se dood en opstanding vorm die hoogtepunt van die Bybel se verhaal.
 - **Die kerk:** Almal wat Jesus as die Seun van God, hul Verlosser, aanvaar, word deel van die kerk. God gebruik mense, ook vandag, om sy boodskap van verlossing van sondaars aan die hele wêreld te verkondig.
 - **Die voltrekking:** God sluit sy verhaal af met die finale oorwinning oor Satan en sy bose magte. Die mense wat God verwerp het, word tot die ewige hel veroordeel. Die mense wat Hom aanvaar het, sal vir ewig saam met Hom op die nuwe aarde woon. God het nou al sy beloftes vervul.

1. J.D. Hays en J.S. Duvall, *Die geïllustreerde Bybelhandboek* (Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, 2014), 20.



Die verlamde man van Betésda het moet opgegee dat enigiemand hom sou help om in die bad-van-genesing te kom. Maar God kan egter in die haglikste omstandighede ingryp en lewens verander. Jesus, die groot Geneser, het nader gestaan en sy helpende hand na die verlamde uitgesteek. Die Fariseërs, daarenteen, was meer bekommerd oor hul eie wetsvertolking as oor die lewe en gesondheid van 'n mens in nood.

DIE MAN VAN BETÉSDA



DWARS

4. Mense met gestremdheid (Joh. 5:3)
6. Slaapmatjie (Joh. 5:8)
7. Geeneen wat kan help (Joh. 5:7)
9. Hemelwese (Joh. 5:4)
10. Rusdag gewy aan God (Joh. 5:9)
12. Om genees te word (Joh. 5:5)
14. Geselligheid van die Jode (Joh. 5:1)
16. Solank, terwyl (Joh. 5:7)
17. Vasgestelde (Joh. 5:4)
18. Om smart te verduur (Joh. 5:5)
19. Summier, meteens (Joh. 5:9)

AF

1. Hulle wag op genesing (Joh. 5:3)
2. Israeliete (Joh. 5:1)
3. Mense met geen sig (Joh. 5:3)
5. Magdom mense (Joh. 5:3)
6. Bad met vyf pilaargange (Joh. 5:2)
8. Woonplek van die Jode (Joh. 5:1)
11. Sinagoge van die Jode (Joh. 5:14)
12. Omgewoel (Joh. 5:4)
13. Ongeregtighede begaan (Joh. 5:14)
15. Menigte van mense (Joh. 5:13)
17. In Hebreeus *Betésda* genoem (Joh 5:2)

The background of the top half of the page is a photograph of three crosses on a hill. The sky is a vibrant orange and yellow, suggesting a sunset or sunrise. The crosses are dark silhouettes against the bright sky. The largest cross is in the center, flanked by two smaller crosses.

HOE KAN EK WEET DAT EK 'N KIND VAN DIE HERE IS?

Ds. Peet Schutte

Endag lank gelede was daar 'n seun wat baie arm was. Sy pa was reeds dood en sy ma was baie siek – sy moes kort-kort dokter toe gaan. Dit was baie duur en daarom het hulle baie geld aan die bank geskuld. Die bank het gesê dat as hulle nie hul skuld betaal nie, hulle huis verkoop gaan word. Die seun het alles moontlik probeer om geld te verdien. Hy het mense se karre gewas, gras gesny en selfs probeer om koekies te verkoop. Maak nie saak hoe hard hy probeer het nie, niks wat hy gedoen het, kon genoeg geld verdien om hierdie skuld te betaal nie. Dit het hom moedeloos gemaak. Hoe sal ons ooit ons skuld betaal? het hy gewonder.

Soos hierdie seun, het ek en jy ook baie skuld wat ons nie self kan betaal nie. Al ons sondes veroorsaak dat ons by God in die skuld is. En net soos wat dit vir die seun onmoontlik was om self die skuld te betaal, kan ek en jy dit ook nie doen nie. In plaas daarvan dat ons ons skuld betaal, maak ons dit elke dag meer: Ons doen net nog meer sonde (vgl. Rom. 3:10-12), want ons jok, ons luister nie na ons ouers nie, ons is selfsugtig. Jy probeer dalk kliphard om nie sonde te doen nie, maar as jy jou weer kry, dan was jy ongeskik met jou ma of jy het vir jou juffrou gejoj. En dit

maak 'n mens moedeloos en laat jou wonder: Is ek ooit 'n kind van die Here? Kan ek gered word?

Eendag, toe die seun regtig moedeloos is, kom daar 'n onbekende man met deftige klere na hom toe aangestap. "Middag, seun," sê die man, "ek wil julle help." Kort voor lank was al hul skuld betaal. Die man het ook gesorg dat die beste dokters die seun se ma help. Hulle was baie dankbaar.

Hierdie storie help ons om ons eie probleem te verstaan. Net soos die seun en sy ma, is ek en jy ook in die skuld. Al wat hy reggekry het toe hy self sy probleme probeer oplos het, was dat hy moedeloos geraak het. Maak nie saak hoe hard jy probeer om goed genoeg te wees om 'n kind van die Here te wees nie, jy gaan dit nie regkry nie (vgl. Rom. 7:19). Jy gaan moedeloos raak en ophou probeer. As jy eerlik met jouself is, dan sal jy besef dat jyself nooit goed genoeg kán wees om 'n kind van die Here te wees nie.

Die seun het iemand soos die weldoener nodig gehad om hulle skuld te betaal. Ek en jy het ook so iemand nodig.

Die wonderlike nuus van die Bybel is dat daar iemand is wat vir jou sondes betaal het. Jesus Christus, die Seun van God, het mens geword en vir ons sondes gesterwe *sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:16).

As jy jouself probeer red, sal jy dit nooit goed genoeg kan doen nie. As 'n mens na jou eie lewe en na jouself kyk, lyk dit asof dit onmoontlik is om gered te word. Maar as jy na Jesus kyk en besef wat Hy vir jou gedoen het, is dit duidelik dat dit onmoontlik is om verlore te gaan. So, as jy ooit wonder of jy 'n kind van die Here is, moenie dink dat jy self goed genoeg sal kan wees om 'n kind van die Here te wees nie. Jy het Jesus nodig. Kyk na Hom, glo in Hom en jy sal weet dat jy 'n kind van die Here is!